

UNIVERSITEIT STELLENBOSCH-UNIVERSITY
HOOP
PROJEKDIE UITWISSING VAN
ARMOEDE EN VERWANTE
TOESTANDEDIE BEVORDERING VAN
MENSWAARDIGHEID EN
GESONDHEIDDIE BEVORDERING
VAN DEMOKRASIE EN
MENSREGTEDIE BEVORDERING VAN
VREDE EN VEILIGHEIDDIE BEVORDERING VAN 'N
VOLHOUBARE OMGEWING
EN 'N KOMPETERENDE
NYWERHEIDwww.diehoopprojek.co.za
www.thehopeproject.co.zaFLIP OVER FOR THE
ENGLISH VERSION:

HOPE TIMES

US maak wesenlike verskil

**Bestemming Volhoubaarheid: Prof Russel Botman aan die stuur.**

Foto: DANIE NEL

Deur sy kundigheid en uitnemendheid in diens van die samelewing te stel, het die Universiteit Stellenbosch (US) die afgelope vyf jaar 'n groot bydrae tot die ontwikkeling van die land en vasteland gelewer.

Dit blyk uit 'n ontleding van die suksesse van die HOOP Projek, wat gestalte gekry het sedert die inhuldiging van prof Russel Botman as rektor en visekanselier op 11 April 2007.

"Ek het destyds gesê ons plaas 'n ontwikkelingsagenda op die tafel om as teenvoeter vir wanhoop te dien. As

mens kyk na wat intussen bereik is, kan ons trots wees op die verskil wat die US aan mense se lewens maak," het Botman aan HOOP NUUS gesê.

Hoogtepunte sedert die openbare bekendstelling van die HOOP Projek op 21 Julie 2010 sluit in:

- Die uitvinding van die nanotegnologiese "teesakkie"-filtertjie vir die suivering van besoedelde drinkwater.
- Die eerste mediese dokters gradueer aan die US se Ukwanda Landelike Kliniese Skool.
- Matriekuitslae by 145 skole verbeter gemiddeld 11% danksy

opvoedkundige uitsendings deur die Wes-Kaapse Onderwysdepartement en die US se Afdeling Telematiese Dienste.

- 76 PhD-kandidate uit Afrika skryf via die Nagraadse Skool by die Universiteit in.
- Meer as 3 500 Maties word betrek by aktiwiteite van die Frederik Van Zyl Slabbert Instituut vir Studenteleierskapsontwikkeling.

Die HOOP Projek is ook suksesvol as Afrika se grootste befondsingsveldtog in die hoër onderwys. Volgens me Annamia van den Heever, Direkteur: Ontwikkeling en Alumniverhoudings, het digby R2 miljard se skenkings, navorsingskontrakte, toewysings en borgskappe tot dusver ingestroom.

"Baie dankie aan al ons ondersteuners vir hul belegging in 'n beter toekoms," het Botman gesê.

Die Universiteitsraad het die rektor heraangestel vir 'n tweede 5-jaar termyn. Hy meen die grootste uitdaging wat nou in die strewe na vernuwing voorlê, is volhoubaarheid.

"In die 21ste eeu is daar wêreldwyd dringend pogings nodig om die skade wat in die 20ste eeu aangerig is, reg te stel. Energiebesparing, watersekerheid en klimaatsverandering sal aandag moet kry van ons beste navorsers.

"Maar dit sal ook neerslag moet vind in die verdere ontwikkeling van die Universiteit. Nuwe, volhoubare geboue sal moet verrys, en ons koolstofvoetspoor sal kleiner moet word. Ook wil ons kritiese denke oor 'groen as die nuwe maroen' by ons studente vestig.

*'Baie dankie
aan al ons
ondersteuners.'*

"Hiervoor sal ons sterk vennootskappe moet aangaan met stigtings en maatskappye en individue wat ons ingesteldheid deel. Volhoubaarheid sal die US se handelsmerk word, en ons sal sterk bande smee met diegene wat ook hierdie handelsmerk het."

Botman meen die US kan met reg sy prestasies vier. In 2011 is die Universiteit die eerste keer in drie ranglyste van die top 500 universiteite wêreldwyd opgeneem.

"Die uitnemendheid van die 21ste eeu moet die karakter van volhoubaarheid dra. Só laat ons hoop werk vir ons land en vasteland. Só laat ons hoop werk vir toekomstige geslagte."

 Steun HOOP:
www.diehoopprojek.co.za

Nou stap sy kop omhoog

MANDI BARNARD

Weens ernstige serebrale verlamming het me Hillary Lane eers op vyfjarige ouderdom begin loop. Vandag, op 53, het sy die 42-km lange New York-marathon op haar kerfstok – danksy hoogtegnologiese terapie aan die Bewegingsontledingskliniek van die Universiteit Stellenbosch (US).

*'My instinktiewe reaksie was:
Daar's nie 'n manier nie!'*

Met finansiering van die Universiteit se HOOP Projek kon bykomende hipermoderne toerusting aangekoop word om bewegingsprobleme by pasiënte te bepaal en 'n pasgemaakte behandelingsprogram te ontwerp. "Ek is in Januarie 2010 deur 'n kollega gevra om die marathon te stap," sê Lane, die uitvoerende hoof van die Wes-Kaapse Vereniging vir Serebrale Verlamming.

"My instinktiewe reaksie was: Daar's nie 'n manier nie! Ek het immers 'n 'Gestremde Bestuurder'-plakker op my motor, en loop nie eintlik verder as wat ek moet nie."

Tog was die persoonlike uitdaging en die behoefte om die weg vir

ander met serebrale verlamming te baan, genoeg motivering vir Lane om met behandeling by die Kliniek te begin. En op 6 November 2011 het sy die marathon in 10 uur 7 sekondes voltooi.

"Dit was 'n geleentheid om aan die wêreld te wys dat baie van ons met serebrale verlamming ons nie deur ons ónvermoëns laat bepaal nie, maar eerder ons vermoëns."

Lane is oortuig dat sy nie die marathon sonder die Kliniek se hulp sou kon aflê nie – "dis gewis!"

So, hoe het dit gewerk? "Eerstens het ons 'n uitvoerige beskrywing van haar stappatroon met 'n bewegingsvasleggingstelsel verkry," verduidelik mnr Dominic Fisher, 'n fisioterapeut by die Kliniek.

"'n Span spesialisite het toe met behulp daarvan 'n optimale diagnose gemaak en oefening en fisioterapeutiese behandeling voorgeskryf om haar liggaamshouding en staptegniek onder streng toesig reg te stel."

Lane sê: "Toe ek ná die eerste sessie by die kliniek uitstap, het ek omtrent tien voet langer gevoel. Ek het myself die eerste keer objektief beskou en gewet ek kán baie van my probleme regstel.

"Tuis kon ek egter skaars om die blok stap. Maar ek het mettertyd verbeter. Kort voor lank kon ek tot 15 km ver stap sonder probleme."

Die Kliniek aan die US se Fakulteit Gesondheidswetenskappe

**Me Hillary Lane, wat met serebrale verlamming gebore is, wys trots die medalje wat sy gekry het deur die New York-marathon te voltooi ná terapie by die US se Bewegingsontledingskliniek.**

Foto: STEFAN ELS

in Tygerberg is die enigste in Afrika met 'n T-reeks Vicon-stelsel met agt kameras wat met 'n Bertec-drukplaat en hoëspoed-videokameras gesinchroniseer is. Dit bied driedimensionele ontledings vir die diagnose van sport-, houdings-, arbeids-, neurologiese en ergonomiese probleme.

"Die HOOP Projek-finansiering het ons in staat gestel om nog twee kameras te koop en ingenieursteun vir dataverwerking te bied," sê prof Quinette Louw, hoof van die Kliniek.

"Die bykomende toerusting het die akkuraatheid van ons stelsels verbeter."

Die finansiering is beskikbaar gestel deur 'n HOOP Projek-inisiatief genaamd die Universiteitsvennootskap in Aangepaste Bewegingsaktiwiteite. Dit staan onder leiding van prof Liz Bressan, die direkteur van die Sentrum vir Menslike Prestasiewetenskappe aan die US.

"Hierdie inisiatief is 'n uitstekende voorbeeld van hoe die HOOP

Projek wetenskap ten bate van die samelewing aanwend," sê sy.

 Steun HOOP: www.diehoopprojek.co.za/menslikeprestasie



VIDEO: Volg dié QR-kode met jou slimfoonkamera.

HOOP aan die werk

Die HOOP Projek, wat sedert April 2007 al R2 miljard ingesamel het, is Afrika se suksesvolste hoërsonderwys-finansieringsveldtog tot dusver. Dit het die Universiteit Stellenbosch (US) in staat gestel om 'n tasbare verskil te maak in die lewens van talle mense in Suid-Afrika en die res van die vasteland.

'Baie dankie!'

Die Rektor en Visekanselier van die US, prof H Russel Botman, het skenkers en vennote van die Universiteit vir hul voortgesette ondersteuning bedank.

"Baie dankie aan al ons ondersteuners vir jul belegging in 'n beter toekoms. Julle help die Universiteit om sy uitnemendheid en relevansie in die 21ste eeu te handhaaf," het hy gesê.

Bydraes is ontvang van:

- Die Suid-Afrikaanse regering
- Die Stellenbosch Trust
- Stellenbosch University SA Foundation United Kingdom
- Friends of the University of Stellenbosch Foundation United States
- Die Raad van die Universiteit Stellenbosch
- Groot internasionale filantropiese stigtings
- Nasionale en internasionale korporatiewe beleggers
- Individuele skenkers (14 mense het meer as R1 miljoen elk geskenk)
- Alumni van die Universiteit Stellenbosch

Botman het 'n beroep gedoen vir "bykomende multi-miljardrand-ondersteuning wat benodig word om die Universiteit sy nuwe kwantumuitdaging die hoof te help bied, naamlik om hoop in die toekoms 'n werklikheid te hou".

Maniere om te gee:

- Veilige aanlynskenking by www.diehoopprojek.co.za
- Elektroniese oorplasing na toegewyde US-bankrekening
- Maandelikse debietorder
- Eenmalige skenking
- Erflatings aan die Universiteit
- Borgskap van bepaalde projekte
- Navorsingskontrakte
- Die naamregte op bepaalde fasiliteite
- Beursfondsskenkings

Meer inligting:

Kontak die US se Ontwikkelingskantoor:

- Tel: +27 21 808 4645
- E-pos: ontwikkeling@sun.ac.za

UNIVERSITEIT • STELLENBOSCH • UNIVERSITY

HOOP PROJEK



VIND OP DIE WEB:

www.diehoopprojek.co.za
www.thehopeproject.co.za

HOOP NUUS

Uitgegee deur: Afdeling Kommunikasie en Skakeling,
 Universiteit Stellenbosch, Tel. +27 21 808 4977

Redakteur: Desmond Thompson, E-pos: desmond@sun.ac.za

Ontwerp en bladuitleg: Elbie Els Drukwerk: SUN MeDIA
 Vertaalwerk: Universiteit Stellenbosch Taalsentrum
 Kopieversorging: Marisa Honey Proefleser: Robert Young

Skrywers: Ilse Arendse, Mandi Barnard, Alec Basson, Juliana Claassens, Kim Cloete,
 Jan du Toit, Engela Duvenage, Liesel Koch, Sonika Lamprecht, Cristle Mokwape,
 Wayne Muller, Stephanie Nieuwoudt, Simoné Nortmann, Lynne Rippenaar,
 Liezl Scholtz, Lucia Schoombee, Clayton Swart, Martin Viljoen

Fotograwe: Justin Alberts Jacques Botha, Bernard Bravenboer, Kim Cloete,
 Jac de Villiers, Stefan Els, Anton Jordaan, Liesel Koch, Clarisa Laithna, Anna Lusty
 Anneke Muller, Danie Nel, Sarel Olivier, Werner Roux, Clayton Swart,
 Johann Swart, Koos van Zyl



Volhoubaar die toekoms in

Nuwe fasiliteite en 'n mobiliteitsplan gekoppel aan die HOOP Projek help die Universiteit Stellenbosch (US) om die uitdagings van die 21ste eeu die hoof te bied. **Wayne Muller** doen verslag.

Sedert November 2010 is bouers aan't weskaf op die hoek van Durbanstraat en die Robertsonpad in Worcester. Teen Junie 2012 sal die Ukwanda Landelike Kliniese Skool reg wees om 'n nuwe generasie gesondheidswerkers vir die platteland op te lei.

Dit is 'n gesamentlike projek van die Fakulteit Gesondheidswetenskappe en die Wes-Kaapse provinsiale regering. Die koste beloop sowat R60 miljoen.

Daar sal verblyf wees vir 40 studente, asook 'n akademiese gebou. Die eerste sewe finalejaar mediese studente het in Maart ingetrek.

- *Sien storie op bl 12.*



Regshulpkliniek brei uit

Met die opening van sy nuwe vleuel in Augustus 2011 is die US se Regshulpkliniek nou gerat om 'n meer omvattende diens aan sy kliënte te lewer. Vier nuwe kantore en 'n seminaarkamer maak dit ook moontlik om 64 in plaas van 32 studente per jaar praktiese ervaring in 'n regspraktijk te bied.

Afrika-vigssentrum verhuis

Die Afrika-sentrum vir MIV/vigsbestuur trek in Mei 2012 na sy nuwe tuiste in Joubertstraat, Stellenbosch. Die moderne dubbelverdiepinggebou sal spog met tien kantore en twee oopplanruimtes, asook 'n repetisievertrek vir opvoedkundige teaterstukke. *Sien storie op bl 12.*



Pendeldiens ingestel

Ongekende groei die afgelope dekade het 'n ernstige tekort aan parkeerplekke op die Stellenbosch-kampus veroorsaak. Die probleem word vererger deur die feit dat 82% van personeellede en 43% van studente hul eie motors gebruik. As almal 'n parkeerplek moet kry, is daar 'n tekort van 7 200 plekke.

'n Pendeldiens is ingestel om die druk te verlig. Personeellede en studente wat die dorpie binnery, kan by Coetzenburg of Lentelus parkeer en met 'n pendelbus na die kern van die kampus ry.

'n Loodsprojek loop tans op twee roetes – van Coetzenburg na die Konservatorium en van Lentelus na Joubertstraat.



Waghomde vir Afrika

Reg agter die historiese huis in Crozierstraat waar die Departement Joernalistiek tuis is, staan nou 'n ultramoderne sentrum genaamd MEDIAAFRIKA. Dié dubbelverdiepinggebou, wat in Maart 2011 ingewy is, beskik oor 'n veeldoelige lesinglokaal, 'n rekenaarvertrek, asook klank- en beeldateljees. In die foto blyk werk Me Samina Anwary, links, en me Nielen Bottomley aan 'n radioprogram. Prof Lizette Rabe, inisieerder van MEDIAAFRIKA en vorige Departementshoof, sê die nuwe gebou help met die opleiding van joernaliste wat die demokrasie deur middel van etiese en ondersoekende verslaggewing sal verdiep.

Fietse vir groener kampus

Altesaam 400 pendelfietse is deur die Universiteit beskikbaar gestel in 'n poging om die aantal motorvoertuie op kampus te verminder.

Studente en personeellede kan 'n MATIE FIETS huur teen R1 000 per jaar, waarvan R600 terugbetaal sal word as die fiets in 'n goeie toestand terugbesorg word.

Die fietse het voorheen deel uitgemaak van 'n fietshuurskema vir treinpendelaars in Nederland. Toe hulle ná 'n paar jaar met nuwe fietse vervang is, is hulle deur die Bicycling Empowerment Network na Suid-Afrika ingevoer met die steun van die Nederlandse Ministerie van Buitelandse Sake.

Die Universiteit het hulle aangeskaf ter bevordering van omgewingsvolhoubaarheid, wat een van die temas van die HOOP Projek is.

"Daar het wêreldwyd 'n kopskuif plaasgevind. Die mensdom het besef

ons natuurlike hulpbronne is beperk en ons kan nie voortgaan om ons planeet so te besoedel nie. Die MATIE FIETS is deel van ons bydrae tot die groen saak," het prof Russel Botman, Rektor en Visekanselier, gesê.

Op 11 Maart 2012 het sewe Stellenbosers die Cape Argus Pick n Pay Fietstoer voltooi, elk op 'n enkelspoed MATIE FIETS. En op 15 Maart het 'n fietsaflos op die Stellenbosch-kampus plaasgevind.





Me Vanessa Swartz en me Mariëtte Odendaal klink by Swartz se gradeplegtigheid 'n glasie op haar sukses.

Foto: STEFAN ELS

Plaaswerker se dogter gradueer

DESMOND THOMPSON

Me Vanessa Swartz (23) moes groot struikelblokke oorkom voordat sy in Desember 2011 die graad BComm in Bestuursrekeningkunde van die Universiteit Stellenbosch (US) verwerf het.

Sy kom van Citrusdal, waar haar pa, mnr Klaas Jantjies, 'n plaasarbeider is, en haar ma, me Katriena Swartz, 'n seisoenale werker in die vrugtebedryf. Sy het egter op 'n plaas naby Piketberg by haar ouma, me Magrieta Witbooi, grootgeword.

Me Mariëtte Odendaal, 'n US-alumna, het 'n plaasbiblioteek daar begin, en Swartz was een van die kinders wat dit gereeld besoek het.

“Dit was vir my baie waardevol. Die boeke het vir my wêreld oopgemaak, en ons het ook 'n tiengroep gehad waar ons allerhande goed bespreek het,” sê sy.

Toe sy in haar laaste jaar op skool swanger word, het sy nietemin matriek geskryf en goed gedoen. Sy het egter besluit om eers saam met

haar nuwe babadogtertjie, Vanashree (nou 4), tuis te bly.

“Vanessa was een van die sterre in ons biblioteekgroepie. Ek wou graag hê sy moet verder studeer. Ek het met haar en haar ma gepraat, en haar vir aanlegtoetse gevat. Ek was baie bly toe sy toegang tot Maties kry,” sê Odendaal, wat nou in Kuilsrivier bly.

‘Dit was vir my baie waardevol. Die boeke het vir my wêreld oopgemaak...’

Vanashree het by haar ouma in Citrusdal agtergebly toe haar ma Stellenbosch toe is. Swartz se studies is deur beurslenings van die US en die Nasionale Studentefinansieringskema gefinansier.

“Dit was maar moeilik aan die

begin. Die aanpassing was baie groot – sosiaal en akademies – en ek het my kind verskriklik gemis,” sê Swartz.

“Tannie Mariëtte het my deur die moeilikste tye gehelp. Vir 'n eerstegenerasie-student soos ek is dit belangrik om iemand soos sy te hê wat jou kampusmoeder kan wees.”

Prof Russel Botman, Rektor en Visekanselier van die US, het met sy inhuldiging in 2007 gesê sy visie is dat die Universiteit 'n “multikulturele tuiste vir almal” word, waar “die probleme van die armes ten opsigte van toegang” hanteer word.

Sy standpunt, “Ons kan slegs gelukkig voel oor billike toegang wanneer die dogter van die plaaswerker dieselfde toekomsgeleenthede het as die seun van die plaasboer,” het sedertdien 'n wekroep geword.

Studentesukses is een van die strategiese doelwitte van die US se HOOP Projek.

Steun HOOP: www.diehooprojek.co.za/studentesukses

Tientalle se drome hier bewaarheid

Die koers van baie jongmense se lewens het verander as gevolg van die oorbruggingsprogram in Wetenskap en Wiskunde wat deur die Universiteit Stellenbosch aangebied word, skryf **Wayne Muller**.

SciMathUS is in 2001 van stapel gestuur om gemotiveerde skoolleerders uit opvoedkundig benadeelde gemeenskappe wat nie vir toelating tot hoër onderwys in aanmerking gekom het nie, te help om hul drome van 'n professionele loopbaan te verwesenlik.

Oor die jare het SciMathUS se eenjarige program altesaam 572 leerders hul matriekexamens met vrystelling help slaag, van wie 428 vir hul eerste jaar aan die Universiteit Stellenbosch (US) ingeskryf het.

Tot dusver het 71 studente hulle grade aan die US behaal in vakgebiede wat strek van gesondheidswetenskappe en ingenieurswese tot landbou en rekeningkunde. Party het ook reeds nagraadse studie voltooi.

Studente mag om toelating tot SciMathUS aansoek doen indien hulle hul graad 12-eksamen met minstens 50% in Afrikaans of Engels, minstens 30% in Wiskunde en 30% in Fisiese Wetenskappe, of 80% in Wiskundige Geletterdheid en 50% in enige vier van die voorgeskrewe vakke vir universiteitstoelating, geslaag het.

Die program volg 'n gemengde onderrigmodel wat op probleemgebaseerde leer berus. Dit stel studente in staat om vir hulle eie leer verantwoordelikheid te aanvaar, terwyl die dosente die

leerproses fasiliteer.

Mnr Gerald Maarman van Kleinvlei in Eersterivier, wat sy MSc-graad aan die US verwerf het, vertel sy verhaal in 'n DVD wat SciMathUS onlangs verfilm het om ander soos hy, wat ook uit arm gemeenskappe kom, te motiveer. Ten spyte daarvan dat sy broer by benedbedrywighede betrokke geraak en sy 15-jarige suster swanger geraak het, het

‘Deur harde werk en deursettingsvermoë is ek nou 'n dokter.’

Maarman aan sy droom bly vasklou “hoewel dit gevoel het of my omstandighede tuis my daarvan weerhou”.

Maarman beskryf SciMathUS as 'n transformasieproses. “Nou kan ek teruggaan na my gemeenskap en vir jongmense sê: Ongeag jou omstandighede kán jy die beste moontlike jy word – daar is hoop vir jou.”

Vir dr Pumza Ghu van Mthatha in die Oos-Kaap was die vooruitsigte bra droewig toe sy besef haar matriekpunte is nie goed genoeg vir toelating tot universiteit nie. “Dis toe wat ek van SciMathUS te hore kom.



Dr Bongiwe Tyhala en dr Pumza Ghu by hul gradeplegtigheid in 2009. Hulle het eers die SciMathUS-program deurloop voordat hulle by die Fakulteit Gesondheidswetenskappe ingeskryf het.

Foto: ANNEKE MULLER

Ek het die program klaargemaak en kon daarna vir medies inskryf. Deur harde werk en deursettingsvermoë is ek nou 'n dokter. Baie dankie aan SciMathUS wat in my geglo het.”

Dr Bongiwe Tyhala en haar broers en susters kom uit 'n enkelouer-huishouding. “Vir my en my gesin was die lewe nooit maklik nie. Dit was my droom om 'n dokter te word, maar ek het nie die vaagste benul gehad presies wat dit sou verg nie. SciMathUS het tot my redding gekom. Ek het nog nooit sulke sorgsame, deernisvolle en geduldige mense teëgekom nie.”

SciMathUS is 'n program van

die Instituut vir Wiskunde- en Wetenskaponderwys aan die Universiteit Stellenbosch (IWWOUS), wat deel uitmaak van die HOOP Projek.

Steun HOOP: www.diehooprojek.co.za/iwwous



VIDEO: Volg dié QR-kode met jou slimfoonkamera.

71

Die aantal SciMathUS-alumni wat al 'n graad aan die US verwerf het.

Bron: SciMathUS

Akademiese brugbouers van formaat

ALEC BASSON

Maandagmiddae word brûe gebou by die Sentrum vir Studies in Kompleksiteit (SSK) aan die Universiteit Stellenbosch (US).

Dit is d n wanneer nagraadse studente, dosente en navorsers uit uiteenlopende w relde bymekaarkom en kopstukke gesels oor enigiets van biochemie, filosofie en musiek, tot wiskunde, drama en konflikhantering.

“Die kompleksiteit van die w relde en die komplekse probleme waarmee ons daaglik gekonfronteer word, moet op nuwe maniere benader word,” s  prof Jannie Hofmeyr, hoof van die SSK.

“Dit verg dat die skeidings tussen die natuurwetenskappe en die geesteswetenskappe oorkom word.”

Hofmeyr is ’n biochemikus. Hy en wyle prof Paul Cilliers, wat ’n dosent in filosofie was, het die SSK saam in 2009 tot stand gebring. Toe Cilliers op 31 Julie 2011 oorlede is, het Hofmeyr die SSK se bedrywighede voortgesit.

Hy word bygestaan deur me Rika Preiser, ’n doktrale student wat in 2010 saam met Cilliers die Springer-

boek *Complexity, Difference and Identity: An Ethical Perspective* die lig laat sien het. Sy re l die Maandagmiddag-gesprekssessies.

“Dit is ongelooflik stimulerend om aan die Sentrum se gesprekke deel te neem,” s  mnr Danie Palm, ’n doktrale student in Biochemie.

“Dit bied aan iemand soos ek die rare geleentheid om die filosofie en die wetenskap van komplekse sisteme verby konvensionele benaderings te vat, en dan metodes te verken wat hierdie beperkinge op sinvolle maniere oorkom.”

Me Tanja Malan, ’n meestersgraadstudent in Filosofie, stem saam.

“Die Sentrum bied boeiende en insiggewende gesprekke aan. Dit brei mens se kennis op interdisiplin re wyses uit.”

Die SSK is die enigste van sy soort in Afrika. Dit maak deel uit van die US se HOOP Projek, en wend die insigte van kompleksiteitsstudies – ’n relatief nuwe vakgebied – aan om van die dringendste uitdagings in die samelewing te takel.

Hofmeyr is opgewonde oor ’n nasionale kompleksiteitsforum wat na verwagting in Oktober 2012



’n Gesprekssessie by die Sentrum vir Studies in Kompleksiteit.

Foto: JUSTIN ALBERTS

van stapel laat loop word. Die SSK het befondsing van die Nasionale Navorsingstigting hiervoor ontvang.

“Daar is ’n sterk behoefte onder veral jonger akademi ci en mense uit die praktyk om saam nuwe idees uit

kompleksiteitsteorie te ontgin.”

Hofmeyr s  twee konferensies word reeds binne die raamwerk van die beoogde kompleksiteitsforum beplan.

“Dit sal die platform skep

vir ’n nasionale vereniging vir kompleksiteitsstudies, met die SSK as intellektuele en administratiewe spilpunt.”

Steun HOOP: www.diehoopprojek.co.za/kompleksiteit



‘Regte-litigasie moet vir almal toeganklik wees,’ s  Me Gillian Armstrong, ’n onlangse LLM-gegradueerde.

Foto: JOHANN SWART

Geregtigheid vir almal

STEPHANIE NIEUWOUTD

Haar navorsing het haar o  oopgemaak vir al die hulpbronne wat vermors word op litigasie om sosio-ekonomiese regte in Suid-Afrika te probeer afdwing, s  me Gillian Armstrong, wat onlangs ’n LLM-graad van die Universiteit Stellenbosch (US) verwerf het.

Sy het deelgeneem aan die Fakulteit Regsgeleerdheid se HOOP Projek-inisiatief, genaamd die Bekamping van Armoede, Dakloosheid en Sosio-ekonomiese Kwesbaarheid ingevolge die Grondwet.

“In regte-litigasie word baie van die Departement van Justisie se geld op aansoeke om hersiening verkwis,” s  Armstrong.

“In my navorsing het ek hierdie koste bepaal en aan nuwe maniere gedink om administratiewe geregtigheid te benader. Ek het ondersoek ingestel na alternatiewe metodes van geskilbeslegting, en tot die gevolgtrekking gekom dat administratiewe tribunale groot

potensiaal inhou.”

Armstrong s  haar studie het haar vasberade gemaak om ’n loopbaan in regeringskringe te volg, in ’n raadgewende hoedanigheid. Sy glo haar tesis oor die rol van administratiewe geregtigheid in die verwesenliking van sosio-ekonomiese regte sal haar goed te pas kom.

In die aanhef tot Suid-Afrika se Grondwet van 1996 staan daar dat di  wet aanvaar is om “die lewensgehalte van alle burgers te verhoog en die potensiaal van elke mens te ontsluit”. Die Grondwet bevat ’n Handves van Regte wat nie net burgers se burgerlike en politieke regte nie, maar ook hul ekonomiese, maatskaplike en kulturele regte beskerm. Dit sluit in die reg op toegang tot voldoende behuising, beskerming teen arbitr re uitsetting, en toegang tot gesondheidsorg, water en maatskaplike sekerheid, sowel as onderwys.

Armstrong s  haar betrokkenheid by die Fakulteit Regsgeleerdheid

se HOOP Projek-inisiatief het haar finaal oortuig dat regte-litigasie vir almal toeganklik moet wees. Een van die oogmerke van die Fakulteit se inisiatief is om navorsing te bevorder oor hoe die regstelsel gebruik kan word om benadeelde burgers doeltreffender te bemagtig.

“Hoewel almal van ons in die inisiatief op ons eie, gespesialiseerde vakgebied gewerk het, kon ons ook baie van mekaar leer. Deur ons akademiese wisselwerking het ons besef presies hoe veelvakkig die probleem van armoede, haweloosheid en sosio-ekonomiese benadeling eintlik is.”

Die inisiatief, Bekamping van Armoede, Dakloosheid en Sosio-ekonomiese Kwesbaarheid ingevolge die Grondwet, het tot dusver na raming meer as 10 000 mense deur die werk van die US se Regshulpkliniek bygestaan.

’n Kollokwium oor die Reg en Armoede is in 2011 aangebied.

Steun HOOP: www.diehoopprojek.co.za/armoederegte

‘Dis nie *rocket science* nie’

SR-lid me **Simon  Nortmann** verduidelik waarom sy die HOOP Projek steun.

Kom ek wees nou maar eerlik. Voordat ek besluit het om te staan vir die SR het ek geen benul gehad van wat die HOOP Projek is nie. Nul. Nada.

Ek het net ’n klomp massiewe baniere die hele kampus vol gesien met vreemde mense se vriendelike gesigte op. Ek het gedink dis belaglik.

As Dramastudent het ek ook saam met my Departement getreur toe ons nie ons eie HOOP-banier gekry het nie. Toe skryf ons maar “Ons glo Drama sal die w relde verander” op ’n A4 en plak dit teen die HB Thom se deur.

Dit was waar die HOOP Projek vir my begin en ge indig het.

Toe kom ek op die SR en kry dit as my portefeulje. Ai, die ironie, want van die eerste dag wat ek betrokke geraak het, wil ek nie anderpad kyk nie. As jy eers verstaan waaroor dit gaan, kan jy nie anders as om daarby in te koop nie.

Die HOOP Projek bring ons in lyn met top internasionale universiteite. Op die meeste van hul webtuistes

is die eerste ding wat jy lees: “Universities need to be focused on delivering solutions to the challenges of the world”.

Dis nie *rocket science* nie. Dis nie iets wat professor Botman uitgedink het nie. Dis ons wat die uitdaging aanvaar. Die US staan sy man.

Dis reg dat die wetenskap aangewend word om ’n positiewe verskil in die samelewing te maak. Dis goed dat die agenda is om die US op die *map* te kry, in lyn met die land en die Verenigde Nasies.

Die doel van die HOOP Projek is indirek besig om ’n kultuur van “gee” te kweek onder studente. Dis besig om die sogenaamde Stellenbosch *bubble* te bars.

Want nou gaan dit nie net meer oor graadkry nie. Dit gaan daaroor om iets betekenisvol met jou graad te doen; iets wat iemand anders se lewe moontlik kan verander.

• Hierdie is ’n geredigeerde weergawe van ’n blog deur Nortmann. Blaai na die middel van die koerant vir ’n plakkaat van die studente se foto-veldtog.

Steun HOOP: www.diehoopprojek.co.za/studentesukses



VIDEO: Volg di  QR-kode met jou slimfoonkamera.



Me Simon  Nortmann.

Foto: BERNARD BRAVENBOER

Uitsendings verbeter uitslae

Weerskante van TV-kameras in 'n ateljee by die Universiteit Stellenbosch lê 'n onderwys-suksesverhaal soos min. **Alec Basson** vertel meer.

Verlede jaar het hy ekstra klasse bygewoon om hom met sy skoolwerk te help; vanjaar studeer mnr Adwill May BRek aan die Universiteit Stellenbosch (US) – met 'n beurs wat hy losgeslaan het nadat hy onder die top 100 matrikulante in die Wes-Kaap geëindig het.

Die Wes-Kaapse Onderwysdepartement het in 2011 bykomende lesse in sleutelvakke na 20 000 graad 11- en 12-leerders by 145 skole in die provinsie gebeeldsend. Die fasiliteite hiervoor is deur die US se Telematiese Dienste verskaf.

‘Hierdie uitsendings het my lewe verander.’

Die lesse is regstreeks per satelliet uitgesaai, en hoogsbekwame onderwysers is as aanbieders gebruik. Dieselfde benadering word gevolg in die Afdeling se HOOP Projek-inisiatief, genaamd Virtuele Nagraadse Leerondersteuning, wat op studente van die Universiteit gemik is.

“Die virtuele lesse was goed aangebied en maklik om te verstaan. Ek het die notas gebruik om vir die

10,9%

Die gemiddelde verbetering in die matrikslaagsyfer van Wes-Kaapse skole wat deur die US se telematiese program gesteun is.

Bron: US Telematiese Dienste

eindeksamen voor te berei en kon my prestasie in die meeste van my vakke verbeter,” sê May, wat aan die Hoërskool Bernardino Heights in Kraaifontein gematrikuleer het.

Hoewel hy hom in die middel van sy eerste toetsreeks aan die US bevind, ruim hy tyd in om my vir 'n onderhoud te ontmoet. Ons kom by Telematiese Dienste bymekaar, en ek gaan wys hom die ateljee vanwaar die skoollesse uitgesaai word. Dit is sy eerste besoek.

“Baie indrukwekkend,” sê hy oor die gevorderde tegnologie in die ateljee vol kameras, beeld- en klankmengers en TV-skermers.

Hy glimlag breed as ek hom aan prof Tom Park en dr Antoinette van der Merwe van die Afdeling voorstel.

“Hierdie uitsendings het my lewe verander. As julle wil, sal ek een middag vir die huidige groep



Mnr Adwill May saam met dr Antoinette van der Merwe en prof Tom Park in die ateljee by die Afdeling Telematiese Dienste.

Foto: JUSTIN ALBERTS

leerlinge kom vertel hoe dit my gebaat het,” bied hy aan.

Ek vra prof Park uit oor die rede vir die program. Hy antwoord: “Deur op hierdie manier by skole betrokke te wees, vervul die US sy rol as kennisvennoot, en speel ons 'n aktiewe rol in die ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse gemeenskap.”

Formele terugvoer van leerders en skoolhoofde het aangedui dat die skoleprojek 'n groot impak op die leerkultuur in skole het.

Baie onderwysers het ook laat blyk dat hulle gebaat het by die blootstelling aan 'n verskeidenheid onderwysbenaderings.

“Ons is baie opgewonde oor die feit dat die projek vanjaar na 69 skole in die Noord-Kaap uitgebrei word. Hierdie skole sal ook die uitsendings vanaf die US se ateljee in Stellenbosch ontvang,” sê Van der Merwe.

Steun HOOP: www.diehooprojek.co.za/virtueel

50%+

Die verbetering vanaf 2010 tot 2011 by 20 uit die 145 skole wat aan die program deelgeneem het.

Bron: Telematiese Dienste



Nagraadse studente aan die werk in die Carnegie Navorsingsruimte.

Foto: JUSTIN ALBERTS

Carnegie Navorsingsruimte

Die fasiliteit is na die Skots-Amerikaanse filantroop Andrew Carnegie vernoem uit erkenning vir donasies wat van die Carnegie-korporasie van New York ontvang is.

Moderne fasiliteit bevorder sukses

SONIKA LAMPRECHT en LUCIA SCHOOMBEE

'n Bietjie meer as 'n jaar sedert die glasskuifdeur van die Carnegie Navorsingsruimte in die Universiteit Stellenbosch se hoofbiblioteek amptelik die eerste keer oopgesuis het, sê vele nagraadse studente dat die moderne fasiliteit hul werkverrigting beduidend verbeter het.

“Die feit dat 'n ruimte soos hierdie geskep is, laat my dink dat die Universiteit vir my omgee en wil hê dat ek sukses behaal. Dit laat my spesiaal voel en onderbewustelik motiveer dit my om harder te werk,” sê me Jenni Carstens, 'n M-student in Bedryfsielkunde.

Die Carnegie Navorsingsruimte maak deel uit van die HOOP Projek-inisiatief van die Biblioteek- en Inligtingsdiens, wat Toegang tot Elektroniese Hulpbronne genoem word. Die ander groot komponent is die Leersentrum, wat vir voorgraadse studente voorsiening maak.

Beide fasiliteite beoog om studentesukses te verbeter. Hierdie doelwit word op 'n interessante wyse bereik – deur die samevoeging van tegnologie uit die 21ste eeu en eietydse ontwerp met tradisionele beginsels (kundige en hulpvaardige personeel wat toegewy is daaraan om die deure van geleerdheid wyd oop te maak en oop te hou).

Twee ervare bibliotekarisse bied professionele hulp aan gebruikers. Hulle word ondersteun deur ses nagraadse studente wat ewekniehulp bied.

Me Ellen Tise, Senior Direkteur

van die US se Biblioteek- en Inligtingsdiens, sê: “Die binneversieringselemente het 'n moderne, elegante, stil en inspirerende ruimte geskep wat gebruikers toelaat om lang ure

‘Alles wat ek nodig het, is hier – boeke, drukkers, koffie, rekenaars.’

gemaklik en gefokus te werk.”

Besoekers is geneig om hul gunsteling plekke te hê waar hulle aan hulle tesse of artikels werk. Ywerige studente teken vroeg in omdat volle kapasiteit gewoonlik kort na 8.30vm bereik word.

Mnr Richard Burman, 'n meestersgraadstudent in Kennisdinamika en Besluitneming, sê dat as hy by die huis sou werk, hy nie so produktief sou wees nie.

“Alles wat ek nodig het, is hier – boeke, drukkers, koffie, rekenaars. Om ander te sien wat hard werk, is aansteeklik.”

Mnr Lawrence Mpekansambo, wat van Malawi afkomstig is en besig is met sy MPhil in Sake-etiek, sê die Carnegie Navorsingsruimte het net betyds vir hom gekom.

“Hier het ek toegang tot die nuutste materiaal en mense wat my kan help. Dit het 'n yslike bydrae tot my navorsing gemaak.”

Steun HOOP: www.diehooprojek.co.za/biblioteek

Kennis met die wêreld gedeel

Die Universiteit Stellenbosch (US) het in Oktober 2011 een van die eerste universiteite op die vasteland geword wat ooptoegangvaktyskrifte aanlyn huisves en publiseer.

SUNJournals

Daar is reeds 11 titels op die SUNJournals-plaform. Die tydskrifte word met behulp van die Open Journal Systems oopbronsagteware gepubliseer, en alle titels is vryelik aan enigen beskikbaar by <http://bit.ly/sunjournals>.

SUNScholar

Die US het ook 'n aanlynbergplek, SUNScholar, op die been gebring waar enigen via die internet toegang kan kry tot tesse, verhandelings en ander akademiese werk. Besoek <http://scholar.sun.ac.za>.

Berlyn-verklaring

In Oktober 2010 het Stellenbosch die eerste Afrika-universiteit geword om die Berlyn-verklaring oor Oop Toegang te onderteken. Die doel is om navorsing so vryelik en wyd moontlik aan die samelewing beskikbaar te stel. Die US is van 6-8 November 2012 die gasheer van die Berlyn 10-ooptoegangkonferensie. Dit sal die eerste keer wees wat dié byeenkoms in Afrika plaasvind. Besoek www.berlin10.org.



Klink 'n glasie op GeolT

ILSE ARENDSE

Met 'n opbrengs van 850 miljoen liter wyn in 2009 alleen, wat meer as R2,7 miljard ingebring het, is wingerd- en wynkunde se bydrae tot die Suid-Afrikaanse ekonomie allermins gering.

Nou kan navorsing onder die vaandel van die Universiteit Stellenbosch (US) se HOOP Projek die land se wynbedryf, wat 350 000 mense op wynplase en in kelders van werk voorsien, nog 'n hupstoot gee.

Die navorsing konsentreer op Robertson in die Suidwes-Kaap, wat bekend is vir sy uitnemende rooi- en witwynvariëteite, en maak gebruik van lugfotografie en satellietbeelde om die beste gebiede vir die kweek van bepaalde druifkultivars uit te wys.

“Hoewel wingerd- en wynkundige praktyke 'n belangrike rol in die aroma en gehalte van 'n wyn speel, word natuurlike faktore soos topografie, klimaat, grond en geologie as die heel belangrikste bepalers van wynkarakter en -styl beskou,” sê mnr Hadley Remas, 'n navorser in die Departement Geografie en Omgewingstudie.

Die kombinasie van topografie, klimaat, grond en geologie is in die wynbedryf bekend as NTE's, oftewel

natuurlike terroir-eenhede. Deur die omgewing letterlik in voëlvlug te bekijk, gebruik Remas gesofistikeerde geografiese inligtingstelsels (GIS) en aardwaarnemingstegnieke om NTE's in die Robertson-distrik te bepaal.


“Verseke studies erken GIS-tegnologie as 'n onontbeerlike hulpmiddel. Dit geld vir tradisionele wynmaaklande soos Frankryk, Spanje en Italië, sowel as 'nuwelinge' soos Suid-Afrika, Australië en Amerika,” sê hy.

Volgens dr Adriaan van Niekerk, die projekbestuurder van die HOOP Projek se Geografiese Inligtingstegnologie- (GeoIT-) inisiatief, toon die navorsing dat NTE's suksesvol met behulp van GIS en afstandsensore bepaal kan word.

“Dit toon dat dié tegnologie ons 'n positiewe verskil kan help maak,” sê hy.

Die implikasies van NTE's strek egter veel wyer as die wynbedryf. Die produksie van verseke landbougewasse kan ook baat vind by navorsing wat die mees geskikte liggings vir die verbouing daarvan uitwys. GIS- en aardwaarnemingstegnologieë kan boonop in die beplanning en bestuur van grondgebruik aangewend word.

Steun HOOP:
www.diehoopprojek.co.za/GeolT



'n Satellietbeeld wat wys watter gebiede in die Robertson-distrik vir watter druifkultivars geskik sal wees. Navorsers van die Universiteit Stellenbosch maak gebruik van gesofistikeerde geografiese inligtingstelsels en aardwaarnemingstegnieke om natuurlike terroir-eenhede te identifiseer.

Foto: GeolT, US

Oor water en wyn



ENGELA DUVENAGE

Hoe om so min moontlik water in wyn te verander – dit is die mikpunt van 'n nuwe navorsingsprojek onder die vaandel van die Universiteit Stellenbosch Waterinstituut.

Dit is natuurlik onwettig om water by wyn self te voeg, maar sommer baie water word daaglik gebruik om kelders en toerusting skoon te maak, en bottelering en etikettering te doen.

Vra mens egter vir wynmakers wat die watervoetspoor van hul wyne is, wissel die antwoord tussen 1 en 13 liter per bottel.

“Niemand weet werklik nie, lyk dit vir my,” sê me Adél Conradie, 'n opgeleide wynmaker wat besig is met haar MSc in Wingerd- en Wynkunde oor die verbetering van waterverbruik in die wynbedryf. Sy doen dit onder leiding van dr Gunnar Sigge van die US se Departement Voedselwetenskap, mnr

Riaan Wassung, wynmaker by die US se proefkelder, Welgevallen, en prof Eugene Cloete, dekaan van die Fakulteit Natuurwetenskappe.

“Daar is min inligting beskikbaar oor soortgelyke studies, en bitter min verwysings vanuit die Suid-Afrikaanse konteks. 'n Kelder in Portugal beweer hulle het net 650 ml water nodig om 'n liter wyn te maak, maar hoe hulle dit regkry, weet ek nie.”

Suid-Afrika se Departement Waterwese het streng voorskrifte waarvolgens afloopwater nie summier in riviere gestort mag word nie en minstens skoon genoeg gemaak moet word om as besproeiingswater gebruik te word. Die metodes wat wynplase hiervoor kan gebruik, wissel baie in terme van kostes en die spasioe wat nodig is om dit te kan doen.

“Mens moet weet hoeveel water jy gebruik voordat jy maniere om waterverbruik te verminder, kan

instel,” sê Conradie.

Sy doen ook chemiese ontledings om uit te vind hoe doeltreffend verskillende watersuiweringstelsels is.

Sy werk met die Delheim- en Hartenberg-wynplase buite Stellenbosch saam, waar afvalwater met 'n vleiland-filtreringsstelsel skoongemaak en hergebruik word vir die besproeiing van wingerde.

Navorsing word ook by Welgevallen gedoen, waar druive – afkomstig van die Universiteit se eie dorpswingerd by Mostertsdrift – gepars word.

“Dit is maar 'n klein kelder, waar tussen 100 en 200 ton druive per seisoen verwerk word tot sowat 122 kiste wyn van ses bottels elk,” sê Conradie. “Ons aanbevelings sal egter die meeste kelders kan help om meer volhoubaar te wees.”

Steun HOOP:
www.diehoopprojek.co.za/water



Me Adél Conradie neem watermonsters in die Universiteit se wynkelder.

Foto: JUSTIN ALBERTS

Nuutste oor die 'teesakkie'-waterfilter

Die hoofberig van *HOOP NUUS* in 2010 was oor 'n uitvinding wat daarná wêreldwyd aandag getrek het: die “teesakkie”-waterfilter. Wat is die jongste nuus?

Prof Eugene Cloete en sy span mikrobioloë en polimeerwetenskaplikes het verbeteringe aangebring aan die laboratorium-prototipe van die nanoveselmateriaal waarvan die filter gemaak is. Die SA Buro vir Standaardte het die nodige toetse uitgevoer en die resultate dui daarop dat die filter bakterieë doeltreffend uit water verwyder.

Die US het 'n eksklusiewe ooreenkoms met 'n Suid-Afrikaanse maatskappy, Aquacure, gesluit vir die vervaardiging, bemaking en verspreiding van die filterprodukt. Aanvoorwerk vir volskaalse produksie is aan die gang om onder meer die bottels waarin die filters geplaas word te ontwikkel. Dit is 'n vereiste voordat 'n kommersiële produk beskikbaar gestel kan word. Me Danny du Plessis en Dr Nonjabulo Gule het onderskeidelik 'n MSc en PhD danksy navorsing vir die projek behaal.

REGS: Dr Michéle de Kwaadsteniet met 'n prototipe.
Foto: JACQUES BOTHA



iShack 'n blink plan



BO: Thinati Manxiwa (11) in die iShack wat sy met haar ma, me Nosango Plaatjie, and twee broers deel. REGS: US-navorsers me Lauren Tavener-Smith, mnr Berry Wessels and mnr Andreas Keller voor die prototipe-iShack in Enkanini, Stellenbosch. Foto: ANNA LUSTY

DESMOND THOMPSON

"Hierdie huis is geriefliker as ons vorige plek, en ek is baie bly ons het ligte, want daar is nie elektrisiteit hier nie."

Só sê me Nosango Victoria Plaatjie, die trotse inwoner van 'n

'Hierdie huis is geriefliker, en ek is baie bly ons het ligte.'

prototipe eko-vriendelike woning in Enkanini, Stellenbosch, genaamd die iShack.

Die "i" staan vir *improved*, wat aandui dat koste-doeltreffende en volhoubare verbeteringe aan die basiese sinkplaat-hut wat algemeen in ontwikkelende lande aangetref word, aangebring is. Die iShack is ontwerp om sy inwoners teen uiterste temperature te beskerm, en sluit 'n sonpaneel vir basiese elektrisiteitsbehoeftes in. Die dak is skuins sodat reënwater opgevang kan word.

Die iShack is die produk van 'n 18-maande lange transdissiplinêre navorsingsprojek deur die Universiteit Stellenbosch (US) se TsamaHub, 'n inisiatief van die HOOP Projek, sowel as die Volhoubaarheidsinstituut by Lynedoch buite Stellenbosch. Die nagraadse studente me Lauren Tavener-Smith, mnr Andreas Keller en mnr Berry Wessels het in Enkanini gebly en die struktuur in oorleg met plaaslike inwoners ontwerp.

"Die materiaal en ontwerp vir die iShack is op grond van bekostigbaarheid, bekikbaarheid en termiese gerief gekies," sê Tavener-Smith, wat besig is met haar PhD

in die ekonomie van water- en sanitasie-opgradering in informele nedersettings.

Die iShack front noord met 'n oorhangdak vir soveel moontlik passiewe verhittingspotensiaal in die winter sowel as skadu in die somer. Vensters is strategies aan die noorde- en oostekant geplaas vir beter lugsirkulasie.

'n Laag ou kartonbokse wat met 'n brandbestande verf bespuit is, is teen die sinkmure en -dak aangebring.

"Ou melkkartonne met 'n silwer voering is tussen die bokse en sinkplate geplaas vir ekstra isolering," sê Keller, 'n MPhil-student in Volhoubare Ontwikkeling aan die US se Skool vir Publieke Leierskap (SPL).

Die geraamde 8 000 inwoners van Enkanini moet klaarkom met net 36 krane, 60 toilette, geen elektrisiteit nie, onvoldoende vuilisverwydering, en saamgeflanse wonings wat uiters kwesbaar is vir vloede en brande.

Die iShack het 'n klein fotovoltaïese paneel op die dak wat krag voorsien aan twee binneligte, 'n bewegingsensitiewe buitelig en 'n selfoonlaaier.

"In die volgende fase sal ons verbeterde stelsels installeer wat genoeg krag vir huishoudelike toestelle sal kan voorsien," sê Wessels, ook 'n MPhil-student.

Ses inwoners van Enkanini het opleiding ontvang in die installering, instandhouding en herstel van die sonkragstelsel. Die bedoeling is dat hulle energie-entrepreneurs sal word wat in die gemeenskap se behoeftes

sal kan voorsien.

Ander betrokkenes by die projek sluit in Stellenbosch Munisipaliteit; die plaaslike filiaal van Slum Dwellers International, die Informele Nedersettingsnetwerk (ISN); en die Hulpbronsentrum vir Gemeenskapsorganisasies (CORC). Die iShack en die navorsing oor sanitasie, water en afvalbeheer is bedoel om kennis oor die opknapping van informele nedersettings uit te brei.

Prof Mark Swilling, 'n professor in Volhoubare Ontwikkeling aan die SPL en projekteier van die TsamaHub, wys uit dat Suid-Afrika se beleid oor menslike nedersettings verskuif het van 'n eenmalige behuisingintervensie na 'n stapsgewyse benadering tot die



opgradering van infrastruktuur.

"Maar dit sal slegs werk as daar samewerking is tussen inwoners, plaaslike regering en navorsers."

Mnr John van Breda, projekbestuurder van die TsamaHub, sê daar is navorsingsplanne om nóg iShacks op te rig.

"Ons wil die ontwerpbeginsels en bedryfstelsels verfyn sodat ander gemeenskappe dit kan toepas."

 Steun HOOP: www.diehooprojek.co.za/tsama

Fokus op die son

Die Son-termiese Energienavorsingsgroep (STERG) aan die Universiteit Stellenbosch (US) word as 'n hoofrolspeler in hernubare energie in Suid-Afrika beskou. **Martin Viljoen** het met die koördineerder van dié groep, mnr Paul Gauché, oor sonkrag-ontginning gesels.

Hoekom sonenergie?

Sonenergie is 'n belangrike bron van energieopwekking vir die toekoms, want konvensionele vorme raak al hoe duurder en steenkoolbronne neem vinnig af.

Hoe werk dié tegnologie?

Groot son-termiese kragstasies gebruik 'n groot rangskikking van spieëls wat sonlig op 'n bepaalde punt konsentreer en sodoende 'n baie hoë temperatuur by 'n ontvanger skep. Die ontvanger stuur hierdie hoëgehalte-energie hetsy direk na 'n turbine, óf na 'n bergingstelsel vir latere gebruik in 'n turbine. Van daar werk dit presies soos 'n tipiese Eskom-kragaanleg. Hierdie tegnologie is bekend as gekonsentreerde sonkrag (GSK).

Hoe lyk Suid-Afrika se sonkragvermoëns?

GSK-aanlegte verg direkte sonlig van 'n baie hoë gehalte. Suid-Afrika is met meer as genoeg daarvan geseën. As ons byvoorbeeld net op die gebied naby transmissielyste konsentreer,

99,98%

van ons energie kom van die son af

Bron: Paul Gauché, STERG

kan Suid-Afrika 15 keer sy huidige elektrisiteitsbehoeftes met behulp van son-termiese energie opwek.

Wanneer word dit 'n werklikheid?

GSK is 'n betreklik nuwe tegnologie. Soos met baie hernubare tegnologieë is die brandstof dalk gratis, maar die aanvanklike kapitaalkoste baie hoog. In die langduur sal GSK-aanlegte prysmededingend wees. Tog is dit moeilik om jou plaaslik tot GSK te verbind terwyl steenkool nog betreklik goedkoop is. Verskeie taamlike groot GSK-aanlegte sal egter na verwagting binne 'n paar jaar in gebruik wees.

Is dit werklik haalbaar?

Haalbaarheid is nie die kwessie in streke waar die tegnologie al langer as 25 jaar aaneenlopend werk nie. Dit gaan eerder om 'n verbintenis tot kostebesnoeiing en voerpunt-ingenieurswese. Ons het die koppe behoorlik laat draai toe ons met die onlangse US Volhoubaarheidsdag boerewors gebrui het met niks meer nie as 'n goedkoop Chinese sonstofie met 'n deursnee van 1,5 m. Die son verskaf 99,98% van al ons energie. Tog kyk ons dit om een of ander rede mis.

Waar staan die US?

Son-termiese energie hou enorme navorsingspotensiaal in. Met beperkte hulpbronne het die US strategies besluit om hom op bepaalde sleuteltegnologieë toe te spits. Dit sluit in kondensatorverkoeling by kragstasies, en watervermindering; die soeke na innoverende plaaslike en laekoste-oplossings vir energieberging; en die ontwikkeling van heliostate – spieëls wat die son

volg om sonenergie op 'n sekere punt te konsentreer.

Wat is volgende?

Ons is byna klaar met verskeie infrastruktuurprojekte op kampus wat elk landwyd 'n eerste is op die gebied, onder meer 'n nuwe 18 m-hoë toring wat vir heliostaatnavorsing gebruik sal word. Ons neem ook binnekort ons intrek in 'n nuwe gebou met toegewyde ruimte vir alle studente, en ons nagraadse studentetal hou aan groei. Vanjaar ontstaan daar 'n newemaatskappy uit ons werk om sonhulpbronne te karteer. Boonop bou ons 'n portefeulje van

uitvindings op wat nog tot baie ander opwindende ontwikkelings kan lei.

• *Gauché is 'n senior navorsers in die Departement Meganiese en Megatroniese Ingenieurswese. STERG en die Sentrum vir Hernubare en Volhoubare Energiestudies maak deel uit van die Energie en die Omgewing-inisiatief van die HOOP Projek. Hulle bied in Mei 2012 die eerste Suider-Afrikaanse Sonenergiekonferensie aan. Besoek www.sasec.org.za vir meer inligting.*

 Steun HOOP: www.diehooprojek.co.za/energie



Mnr Karel Malan, links, 'n nagraadse student, en mnr Andrew de Wet, 'n STERG-ingenieur, by 'n heliostaat wat die son volg.

Foto: ANTON JORDAAN

Nuwe denke vir landbou



ILSE ARENDESE

“Ons Landbouleierskap-laboratorium maak ’n rigtinggewende bydrae tot landboustrategie in Suid-Afrika.”

Só sê prof Johan van Rooyen, direkteur van die Standard Bank

Sentrum vir die Ontwikkeling van Agribesigheidsleierskap en -mentorskap, ’n inisiatief van die Universiteit Stellenbosch (US) se HOOP Projek.

Die Sentrum is in April 2010 in die Fakulteit AgriWetenskappe tot stand

gebring om leierskapsontwikkeling en transformasie in die landbou te ondersteun. Die Sentrum se Landbouleierskap-laboratorium bied gereeld imbizo's aan oor relevante temas in agri-transformasie.

“Erkende landbousakeleiers, produsente, meningsvormers en regeringsverteenwoordigers word genooi om gedagtes binne ’n laboratorium-omgewing uit te ruil oor aktuele sake in die landbou.

“Aandag word hoofsaaklik gevestig op netelige kwessies en veral dit wat nodig is om die sektor na behore in die ekonomiese en maatskaplike ontwikkelingspad van SA te posisioneer.

“Kwessies soos grondhervorming, landelike ontwikkeling, werkskepping deur die landbou en die noodsaak aan ’n eenheidstruktuur vir georganiseerde landbou is al indringend onder die loop geneem,” verduidelik Van Rooyen.

’n Jong Leiers Laboratorium is ook in samewerking met Graan SA, AgriSantam en Standard Bank aangebied. Prominente politieke en sakeleiers het hieraan deelgeneem.

Volgens Van Rooyen word die skriftelike uitkomst, ondersteunende navorsing en gespreksdokumente van die afgelope imbizo's op ’n gereelde basis aan die regering se Nasionale Beplanningskommissie, waarop prof Mohammad Karaan, Dekaan van die Fakulteit AgriWetenskappe, as kommissaris dien, beskikbaar gestel.

“Heelwat van die gedagtes is vervat in die landbouhoofstuk van die Plan, met die wete dat dit afkomstig is vanaf bydraes deur ’n prominente en onafhanklike groep landbouleiers.

“Die bestaan van ’n verteenwoordigende landbouforum is by elke imbizo wat reeds plaasgevind het as van die grootste belang geag sodat landbou uiteindelik met een stem kan onderhandel om ’n sinvolle bydrae te kan maak tot die implementering van die nasionale ontwikkelingsstrategie



Prof Mohammad Karaan, Dekaan van die Fakulteit AgriWetenskappe, dien op die Nasionale Beplanningskommissie.

Foto: BERNARD BRAVENBOER

en ook die Plan van die Nasionale Beplanningskommissie,” sê Van Rooyen.

’n Nuwe reeks imbizo's oor aktuele sake in die landbou en landbou-transformasie, asook mentorskap, word vir 2012 en 2013 in die vooruitsig gestel.

Steun HOOP: www.diehoopprojek.co.za/agri



Werkers op die US se eksperimentele plaas, Welgevallen.

Foto: BERNARD BRAVENBOER

Meer as verbrande hout



Kaapse Vlakte-studie oor bio-houtskool bied dalk oplossing vir brandende vraagstuk. Deur Sonika Lamprecht.

Op die Kaapse Vlakte is hongersnood ’n groot probleem onder jong kinders,” het mnr David Jacobs, sakeontwikkelingsbestuurder van die nieregteringsorganisasie Stop Hunger Now in 2011 in ’n persverklaring gesê.

“Wanvoeding kan ernstige gevolge inhou vir ’n kind se vermoë om te konsentreer en te leer, en kan boonop tot blywende agterstande in fisiese en geestelike ontwikkeling lei.”

Lê die oplossing vir hierdie tragiese toedrag van sake dalk deels in die oënskynlik eenvoudige praktyk om bio-houtskool – verpoeierde houtskool wat vir landboudoeleindes gebruik word – by grond in te werk?

Navorsing onder die vaandel van die Universiteit Stellenbosch (US) se Voedselbeveiligingsinisiatief (VSI) het bevestig dat die byvoeging van bio-houtskool by voedingsarm grond,



Me Angelique Zeelie, ’n MSc-student, meng bio-houtskool en grond.

Foto: SAREL OLIVIER

grondgehalte en gewasproduksie aansienlik kan verbeter.

Volhoubare voedselproduksie is die hoeksteen van voedselbeveiliging. Tog word produksie belemmer deur die agteruitgang van landbougrond en die besoedeling van waterbronne weens die uitlooiing van stikstof, veral in sanderige grond.

Die VSI-projek sê hierdie kwessies die stryd aan deur sanderige grond met behulp van bio-houtskool – ’n geredelik bekombare, plaaslike materiaal – te verbeter. Die projek gebruik innoverende metodes van grondvrugbaarheidsbestuur om voedselproduksie te bevorder en die besoedelende uitwerking van kunsmis op oppervlak- en

grondwater te beperk.

Die navorsing bied ook wetenskaplike bewyse vir die hipotese dat bio-houtskool koolstofdioksied en ander vorme van koolstof kan vasvang en berg, en só keer dat dit tot aardverwarming bydra.

Die studie wou die uitwerking van plaaslik geproduseerde bio-houtskool op die gehalte van onvrugbare, sanderige grond op die Kaapse Vlakte bepaal. Die navorsing is onderneem met behulp van grondmonsters wat na Welgevallen, die US se proefplaas net buite Stellenbosch, aangery is.

“Ons het bevind dat wanneer matige hoeveelhede bio-houtskool – hoogstens 10 ton per hektaar – bygevoeg word, koring tot soveel as 21% beter groei,” sê die US-grondwetenskaplike dr Ailsa Hardie. Bio-houtskool bevorder boonop

‘Bio-houtskool het koring tot 21% beter laat groei.’

voordelige mikro-organismes in grond, verbeter grondstabiliteit, en verhoog voedingstof- en waterbehoud in sanderige grond.

Volgens die US-mikrobioloog prof Alf Botha word stikstofbinding in peulgewasse ook verbeter.

Daar moet egter gewaak word teen die byvoeging van bio-houtskool by effe suur tot alkaliese gronde, aangesien bio-houtskool alkalies is en kan lei tot oorverkalking van die grond, wat tekorte van verskeie voedingstowwe in plante sal veroorsaak.

Die gebruiksduur van bio-houtskool in grond is veel langer as dié van ander organiese residu's soos kompos – dit kan tot so lank as 1 000 jaar hou! As bonus neem die voordele van bio-houtskool vir grond dus mettertyd toe.

Die Wes-Kaapse Departement van Landbou toon sterk belangstelling in die VSI-navorsing.

Steun HOOP: www.diehoopprojek.co.za/vsi



The Biggerpicture Science Photo Library

Bio-houtskool het almal aan die praat

Volgens die VN se Voedsel- en Landbouorganisasie ly ’n miljard mense wêreldwyd gereeld honger. Dit is dus belangriker as ooit dat navorsers bepaal hoe om voedselbeveiliging te bewerkstellig sonder om die omgewing te skaad en klimaatsverandering te vererger.

Bio-houtskool hou belofte in. Hierdie oeroue landboumateriaal bestaan uit stadig verbrande hout (houtskool) wat verpoeier word. Dit help om voedingstowwe en water in grond vas te vang.

Belangstelling in bio-houtskool het opgevlam om nog ’n rede – navorsing dui daarop dat dit kweekhuysgasse uit die lug kan verwyder en berg. ’n Onlangse studie in die vaktyskrif *Nature* beweer dat die volhoubare toediening

van bio-houtskool wêreldwye kweekhuysgasvrystellings met 12% kan verminder.

12%

Die persentasie waarmee kweekhuysgasvrystellings wêreldwyd deur die volhoubare toediening van bio-houtskool verminder kan word.

Bron: *Nature*



Gallo Images / Getty Images

Slim vervoerstelsels laat die wiele rol




Liesel Koch doen verslag oor belowende navorsing wat die minibustaxibedryf veiliger en meer volhoubaar kan help maak.

'N Blink toekoms wink vir minibustaxi's danksy slim vervoerstelsels (*Intelligent Transport Systems*, oftewel ITS), meen mnr Koos van Zyl, 'n PhD-kandidaat in Siviele Ingenieurswese aan die Universiteit Stellenbosch (US).

Sy navorsing maak deel uit van die Fakulteit Ingenieurswese se HOOP Projek-inisiatief, genaamd Kommunikasie en Inligtingstelsels. Die bevordering van mededingende bedrywe in die landse ekonomie is een van die temas van die HOOP Projek.

Die jongste proeflopie op taxi's van die Peninsula Taxi Association (PTA) wat in Van Zyl se navorsing verrek word, behels 'n elektroniese betaalstelsel soortgelyk aan dié op MyCity-busse in Kaapstad.

Ander tegnologie wat al getoets is, sluit in 'n GPS-satellietnavigasiestelsel, kameras waarmee die bestuurder en passasiers vanaf 'n beheerkamer



Die toerusting wat in minibustaxi's geïnstalleer is vir navorsing oor intelligente vervoerstelsels.

Foto: KOOS VAN ZYL

gemonitor word, en selfs verkope van selfoonlugtyd en elektrisiteitskrediete.

"My passasiers is baie beïndruk. Hulle waardeur dit dat gevorderde tegnologie vir hul gerief en veiligheid ingespan word," sê mnr Anwar Dustay, 'n taxi-eienaar en -bestuurder met meer as 20 jaar se ervaring.

Sedert Januarie 2012 kan passasiers op 40 van die PTA se

taxi's met 'n Tap-i-Fare- kontaklose bankkaart betaal. Dieselfde kaart kan op MyCity-busse gebruik word, en terselfdertyd werk die Stad Kaapstad se MyConnect-kaart ook op die taxi's.

Van Zyl, 'n strategiese konsultant verbonde aan Saha International, meen die taxibedryf sal ter wille van langtermyn-volhoubaarheid meer formeel en mededingend moet word. "Slim vervoerstelsels kan hiermee

help," sê hy.

Mnr Ghaalid Behardien, woordvoerder van die PTA, sê: "Baie mense het minibustaxi's afgeskryf as ratelende doodsiste op wiele. Hierdie tegnologie bewys dat ons bedryf met die jongste ontwikkelings kan tred hou."

Die taxi's in dié studie is ook toegerus met 'n GPRS-eenheid vir intydse kommunikasie, 'n LCD-raakskerm vir bestuurderinteraksie,



Minibustaxi's by 'n taxistaanplek in Kaapstad.

Foto: DIE BURGER / GARTH STEAD

'n kaartjiedrukker en 'n 38 cm-LCD-skerm om inligting aan passasiers oor te dra.

By die PTA se kantoor in die Kaapstadse middestad is 'n rekenaarsentrum ingerig vir die beheer van kommunikasie met voertuie, skedulering per roete en tydskedule, asook die insameling van data.

"Die minibustaxibedryf is die ideale openbare vervoermiddel vir die meerderheid Suid-Afrikaners. Ons navorsing wys hoe die bedryf vanuit 'n tegniese en sake-oogpunt benader moet word om verandering teweeg te bring," sê Van Zyl.

Implementering word tans met ander ondernemings wat soortgelyke stelsels in werking wil stel, bespreek.

"Baie van my passasiers sê hulle kan nie wag dat alle taxi's met hierdie tegnologie toegerus word nie," sê Dustay.

Steun HOOP: www.diehoopprojek.co.za/komm-inlig

Die gogga wat ons damme skoonmaak



Maar sal die kleine kalender die uitwerking van veranderende weerpatrone kan weerstaan? Deur **Engela Duvenage**.

'N Piepklein kalender met 'n voorliefde vir water en 'n lang snuit het die afgelope jaar 'n magisterstudent in dierkunde, me Jessica Allen, behoorlik besig gehou.

Met eindelose geduld het sy die aktiwiteit van meer as 2 000 Brasiliaanse kalenders (*Cryptobagus salviniae*) bestudeer om te kyk hoe goed dié insek op 'n veranderende klimaat reageer.

"Ek wou bepaal hoe die kalender op skielike hitte en koue reageer en by watter temperatuurvlakke dit nie meer aktief sou wees nie," sê Allen.

Haar navorsing vorm deel van 'n HOOP Projek-onderzoek na klimaatsverandering wat deur die DWT-NNS Sentrum van Uitnemendheid vir Indringerbiologie (S-I-B) aan die Universiteit Stellenbosch (US) onderneem word. Die ondersoek is gerig op 'n begrip van hoe plante en diere deur veranderende weerpatrone beïnvloed word en die moontlike effek daarvan op die beweging van spesies.

Die 2-mm lange kalender is een van die doeltreffendste meganismes om die verspreiding van die watervaring (*Salvinia molesta*), 'n baie aktiewe indringerspesie, te beheer. Indien dié snelgroeiende waterplant ongestoord gelaat word, verstop dit maklik damme, mere en poele, en bied dit boonop 'n ideale teelaarde vir muskiete.

Die plant, wat uit Brasilië kom, is 'n groot probleem in baie

Afrikalande, Nieu-Seeland, Australië en dele van die VSA.

"In baie streke is die Brasiliaanse kalender die enigste werklik doeltreffende manier om hierdie plaag te beheer," sê Allen.

Dié biobeheeragent word sedert 1985 in Suid-Afrika gebruik. Die kalender lê sy eiers in die sagte stamme van die watervaring, en die ouer larwes boor later 'n pad deur die stamme oop. Die groeipunte van die plant dien ook as voedselbron vir die kalender.

'Ons moet die kalender se ekologiese reaksies verstaan om te verseker dat dit in toekomstige klimaatscenario's 'n doeltreffende biobeheeragent sal wees.'

"Ons moet die kalender se eie ekologiese reaksies volledig verstaan om te kan verseker dat dit ook in toekomstige klimaatscenario's 'n doeltreffende biobeheeragent sal wees," sê Allen.

Sy het 'n deel van haar studie by die Suid-Afrikaanse Suikerrietnavorsingsinstituut in Durban onderneem. Dié instituut teel massas kalenders in groot buitepoele,

en laat dit dan in watermassas vry waar die watervaring hom tuisgemaak het.

Allen het die eerste keer verdere studie aan die US begin oorweeg toe sy van die S-I-B en sy direkteur, prof Steven L Chown, se werk oor klimaatsverandering gelees het.

Volgens Allen was dit tot dusver heel opwindend om 'n rol te speel in die groter navorsingsprentjie met betrekking tot organismes se reaksie op 'n veranderende wêreldklimaat.

Haar toewyding werp reeds vrugte af: Haar eerste wetenskaplike navorsingsartikel het in Februarie in die *Journal of Insect Physiology* verskyn.

In dié artikel bespreek sy en haar studieleiers, dr Susana Clusella-Trullas en prof Chown, die uitwerking van veranderende temperature – die hoofkenmerk van klimaatsverandering – op die temperatuurtoleransie van die Brasiliaanse kalender.

Steun HOOP: www.diehoopprojek.co.za/sib



Die Brasiliaanse kalender van digby beskou.

Foto: PLANTS.IFAS.UFL.EDU



Me Jessica Allen in die S-I-B laboratorium met 'n houer vol kalender-eksemplare.

Foto: ANTON JORDAAN

Geldmaak die regte manier

CLAYTON SWART

Die voortslepende wêreldwye finansiële en ekonomiese krisis het opnuut belangstelling in die regulering van die sakesektor ontlok, sê mnr Daniel Malan, die direkteur van die Sentrum vir Korporatiewe Bestuur in Afrika, 'n inisiatief van die HOOP Projek.

“Korporatiewe bestuur en openbaarmakingssooreenkomste ontvang nou baie aandag. Die afgelope drie jaar het heelwat lande baie nuwe verslagdoeningsriglyne ingestel. Wat ons reggekry het, is om te verseker dat ontwikkelende lande nie agterweë bly nie.”

Die Sentrum aan die Universiteit Stellenbosch se Bestuurskool (USB) het met KPMG, die Global Reporting Initiative en die Verenigde Nasies se Omgewingsprogram (UNEP) saamgewerk aan 'n boek getiteld *Carrots and Sticks – Promoting*

Transparency and Sustainability. Dié publikasie, wat in 2010 die lig gesien het, bied leiding aan reguleerders en multinasionale korporasies wat volhoubaarheidsverslagdoening oor verskillende lande heen moet koördineer.

“Korporatiewe bestuur raak nie net die sakewêreld nie. Maatskappye se optrede beïnvloed

‘Korporatiewe bestuur raak nie net die sakewêreld nie.’

ook demokrasie en menseregte, sowel as omgewingsvolhoubaarheid. Daarom is dit noodsaaklik dat ons dit regkry,” sê Malan.

Hy is verlede jaar genooi om lid te word van 'n struktuur van die Wêreld Ekonomiese Forum, genaamd


die Global Agenda Council on Values in Decision-making.

“Ons het ook met UNEP en Deloitte saamgewerk aan 'n nuwe publikasie. Dit verken weer die belangrikste besluite wat die toekomstige ontwikkeling van verslagdoening sal rig,” sê hy.

Dié boek, *Making Investment Grade: the Future of Corporate Reporting*, sal in Mei 2012 in New York en Johannesburg bekend gestel word, en sal in Junie beskikbaar wees by die forum oor korporatiewe volhoubaarheid van die Verenigde Nasies se Global Compact, wat voor die Rio+20-aardberaad plaasvind.

Plaaslik onderneem die Sentrum, 'n inisiatief van die HOOP Projek, navorsing vir die Johannesburgse Effektebeurs (JEB) se indeks vir maatskaplik verantwoordelike belegging.

Die Sentrum het ook met die Openbarebeleggingskorporasie



Mnr Daniel Malan, links, saam met mnr Al Gore, voormalige Vise-President van die VSA, by 'n konferensie in Denemarke. Foto: VERSKAF

saamgewerk om 'n bestuurs-beoordelingsmatriks vir Suid-Afrikaanse maatskappye op te stel. Hiervoor het dit oor die afgelope vier jaar die omgewings-,

maatskaplike en bestuursprestasie van genoteerde Suid-Afrikaanse maatskappye beoordeel.

 **Steun HOOP:** www.diehoopprojek.co.za/bestuur

US Kanselier skenk Leerstoel in Intellektuele Goederereg

DESMOND THOMPSON

'n Nuwe LLM in Intellektuele Goederereg gaan in 2013 aan die Universiteit Stellenbosch (US) ingestel word. Dit ná die vestiging van die Anton Mostert Leerstoel in Intellektuele Goederereg in 2011.

Dr Johann Rupert, Kanselier van die US en Uitvoerende Voorsitter en Hoofuitvoerende Beampte van Richemont, het die skenking vir die Leerstoel bewillig ná die openbare bekendstelling van die HOOP Projek in 2010.

Prof Owen Dean is aangestel as die eerste bekleër van die Leerstoel. Hy was voorheen aan die regsfirma Spoor & Fisher verbonde.

“Intellektuele goedere word toenemend as waardevol in die sakewêreld geag. Handelsmerke is miljardte werd. Wêreldwyd is universiteite besig om kapasiteit hieroor te bou. Ons wil die bewakers van Intellektuele Goederereg in Suid-Afrika wees,” sê hy.

Die Leerstoel is vernoem na wyle Regter Anton Mostert wat in 1977 een van die jongste aanstellings in



Prof Owen Dean. Foto: STEFAN ELS

die destydse Hooggeregshof geword het. 'n Jaar later het hy 'n kommissie van ondersoek na valutahandel geleë. Hy het waarskuwings om nie sy bevindinge bekend te maak nie, verontagsaam en grootskeppse korrupsie in regeringskringe, later bekend as die Inligtingskandaal, aan



Dr Johann Rupert. Foto: VERSKAF

die kaak gestel.

“Anton Mostert het sy waardes uitgeleef, ondanks die marginalisering en negatiewe gevolge vir sy beroep van sy onthullings,” sê Rupert.

Dean stem saam: “Hy het nie gehuiwer om standpunt in te neem

nie. Dit is hierdie eienskap van hom wat as rigsgaander vir die Leerstoel dien.”

Dit is die eerste leerstoel aan die US wat ten volle uit 'n skenking moontlik gemaak is. Die Leerstoel is aanvanklik vir drie jaar teen R1,5 miljoen per jaar befonds, waarna befondingsvlakke driejaarlik heroorweeg sal word.

“Ons nuwe toegewyde LLM laat die klem op die digitale omgewing val. Intellektuele Goederereg staan voortdurend voor nuwe horisonne. Dit moet die heeltid aanpas om tred te hou met nuwe ontwikkelinge, bv die elektroniese media,” sê Dean.

Twee bykomende personeellede is intussen voltids aangestel. En opinies wat op die Leerstoel se webblad, www.sun.ac.za/iplaw gepubliseer word, maak dikwels nuus.

 **Steun HOOP:** www.diehoopprojek.co.za/personneelsukses

Voorspoed deur vrede

CRISTLE MOKWAPE en CLAYTON SWART

'n Groep van 18 bemiddelaars van Elsiesrivier, Kaapstad, het onlangs hul sertifikate ontvang ná 'n 12-maande lange opleidingsprogram waarin hulle toegerus is met die nodige vaardighede om konflik en geskille in hul gemeenskap te hanteer en te ontloot.

‘As daar vrede heers in 'n gebied, sal maatskappye dit oorweeg om daar sake te doen.’

Die Elsiesrivier-gemeenskapsbemiddelingsprojek is aangebied deur die Afrika-sentrum vir Dispuutbeslegting van die Universiteit Stellenbosch Bestuurskool (USB), in samewerking met die Open Society-stigting vir Suid-Afrika en die Wes-Kaapse Provinsiale Departement van Gemeenskapsveiligheid.

Die Sentrum is 'n inisiatief van die HOOP Projek, waardeur die Universiteit beduidende uitdaging

in die samelewing die hoof bied.

Daar was 'n groot behoefte aan ingryping in die Elsiesrivier-omgewing, wat onder 'n gebrek aan sosio-ekonomiese ontwikkeling gebuk gaan. Volgens die Sentrumdirekteur, prof Barney Jordaan, het 'n audit bevind dat Elsies in baie opsigte “wanfunksioneel” is.

Probleme sluit in geweld in skole; onvoldoende behuising wat lei tot swak lewensomstandighede; gereelde voorvalle van aanranding en huisgeweld; alkohol- en dwelmmisbruik; en kindermishandeling.

Die bemiddelaars is uit die plaaslike omgewing gewerf en baie van hulle is verbonde aan nieregterings- en gemeenskapsgebaseerde organisasies. Hul opleiding het klem gelê op die rol wat hulle as neutrale tussengangers kan speel om geskille te besleg deur gesprekke tussen die betrokkenes in 'n konfliktsituasie te fasiliteer.

“Deur mense op hierdie vlak met bemiddelingsvaardighede toe te rus, glo ons ons kan 'n beduidende bydrae tot sowel die kort- as langtermyn doelwitte van die bevordering van vrede in gemeenskappe lewer,” sê Jordaan.

“Indien konflikbeslegting en bemiddeling in die gemeenskap geïnstansionaliseer kan word, sal



Mnr Jacob Wildebeest van Elsiesrivier ontvang met trots sy sertifikaat in bemiddeling van prof Barney Jordaan. Foto: CLAYTON SWART

dit aansienlik tot langtermyn-maatskaplike verandering bydra.”

Ná hul opleiding het die bemiddelaars onder andere die volgende te sê gehad: “Ons

perspektiewe het verander” en “Nou kan ons die gemeenskap in die geheel bystaan”.

Jordaan sê die ganse gemeenskap kan by die intervensie baat vind.

“As daar vrede heers in 'n gebied, sal maatskappye dit oorweeg om daar sake te doen.”

 **Steun HOOP:** www.diehoopprojek.co.za/dispuut

Vakkundigheid vir Afrika

Die tweede digtsbevolkte vasteland ter wêreld kan groot baat vind by inheemse inisiatiewe om die breinkwyn te stuit en navorsing 'n hupstoot te gee, skryf **Stephanie Nieuwoudt**.

‘Ek geniet dit om deel te wees van 'n gemeenskap vakkundiges van alle uithoeke van die Afrikavasteland, wat almal hier in Afrika aan Afrika-oplossings vir Afrikaprobleme werk,’ sê PhD-kandidaat mnr Elias Phaahla, wat deur die Nagraadse Skool in die Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe aan die Universiteit Stellenbosch (US) studeer.

‘Afrika het 'n sterk kennisbasis nodig namate die vasteland fluks by die wêreld ekonomie geïntegreer word.’

Hy is een van 76 studente wat die afgelope drie jaar deur die Nagraadse Skool vir voltydse doktorsale programme ingeskryf het. Hieronder tel 17 kandidate van



Mnr Elias Phaahla en me Emaculate Ingwane, studente aan die Nagraadse Skool, wil 'n bydrae maak tot Afrika-oplossings vir Afrika-probleme.

Foto: JOHANN SWART

Suid-Afrika, 30 van ander lande in die streek, en 29 van elders op die vasteland.

“Die studente ontmoet gereeld formeel én informeel, en hierdie skakeling is altyd inspirerend. Só kry ons kans om die uitdagings én oorwinnings van ons reis met mekaar te deel,” sê Phaahla, 'n Suid-Afrikaner.

Sy navorsing handel oor welsyn in Mauritius en Suid-Afrika, met die klem op staatsgefinansierde maatskaplike pensioene.

“Mauritius voel verplig om hierdie skemas in stand te hou, want dit het deel geword van die maatskaplike weefsel. In Suid-Afrika is die skemas 'n onontbeerlike deel van

die staatsbou-agenda ná apartheid. Tog kan dit ook 'n kultuur van voortdurende afhanklikheid skep.”

Die Nagraadse Skool, 'n inisiatief van die HOOP Projek, werf en ondersteun voltydse doktorsale studente vanoor die hele Afrika om een van agt navorsingstemas te bestudeer wat relevant is vir die vasteland se een miljard mense. Die Skool sluit ook die Afrika Doktorsale Akademie (ADA) in wat opleiding in teorie en navorsingsmetodologie bied.

Voorts het die Skool bande met die Vennootskap vir Afrika se Volgende Generasie Akademici (PANGeA), 'n netwerk wat uit die universiteite van Botswana, Dar es Salaam (Tanzanië),

Makerere (Uganda), Malawi, Nairobi (Kenia) en Stellenbosch (SA) bestaan.

Hierdie inisiatiewe is daarop gemik om die breinkwyn uit Afrika te help stuit en die afname in vakkundigheid op die vasteland om te keer. Afrika het sedert 1987 11% minder tot die wêreldwetenskap bygedra.

Die vasteland se navorsingsuitset is maar 0,7% van die wêreldtotaal. Tog het Afrika nou, meer as ooit tevore, 'n sterk kennisbasis nodig “namate die vasteland al hoe verder by die wêreld ekonomie geïntegreer raak,” sê prof Johann Groenewald, Projekleier van die Nagraadse Skool. “Ons wil 'n verskil maak deur 'n nuwe generasie vakkundiges op te lei om die uitdagings van 'n veranderlike vasteland die hoof te bied.”

Een van Phaahla se medestudente is die Zimbabweër me Emaculate Ingwane. Haar navorsing handel oor grondtransaksies en beleid oor landelike ontwikkeling in Domboshawa naby die Zimbabweese hoofstad Harare.

“Grondkwessies in Afrika is emosioneel en polities,” sê sy.

“Markkragte moet in ag geneem word, maar terselfdertyd kan 'n mens nie grond verkoop wat onlosmaaklik deel is van mense se identiteit nie. Ek hoop dat ek deur my navorsing tot die beleidsdebat

76

Die aantal doktorsale kandidate uit Afrika wat via die Nagraadse Skool by die US ingeskryf het
Bron: Nagraadse Skool

sal kan bydra.”

Groenewald sê die Nagraadse Skool sal na verwagting “binne die volgende vier jaar werklik vrugte afwerp – wanneer die eerste groep doktorsale kandidate gegradueer en bepaalde veranderinge in hul gekose werksgebiede aanbring het”.

Daar is duidelik 'n groot vraag na die ontwikkeling van gevorderde vakkundigheid in Afrika. Tot dusver kon die Nagraadse Skool net 12% van aansoekers inneem.

“Die enigste faktor wat keer dat ons die program verder uitbrei, is die beskikbaarheid van finansiering vir voltydse beurse,” sê Groenewald.

“Ons maak seker dat ons net kandidate toelaat aan wie ons wêreld ons bevoegde leiding kan bied. Dit is 'n langtermynprojek, en ons wil dit volhoubaar maak.”

Steun HOOP: www.diehooprojek.co.za/nagraadseskool

Afrika-lesingreeks 'n groot treffer

Drie afleverings van die Nagraadse Skool se “Locations and Locutions”-openbare lesingreeks het in 2011 plaasgevind.

Die reeks moedig kritiese denke en gesprekvoering oor Afrika in die kunste, geesteswetenskappe en sosiale wetenskappe aan. Die oorkoepelende tema vir 2011 was “Which Africa? Whose Africa?”. Die mede aanbieder van die reeks was die *Mail & Guardian*.

Die lesings is deur meer as 620 vakkundiges, nagraadse studente, oudstudee en lede van die publiek bygewoon. Paneellede het vanoor die hele Afrika sowel as die res van die wêreld gekom.

In 2012 sal die oorkoepelende tema oor grond, die omgewing en hulpbronne handel. Besoek www.sun.ac.za/lectureseries vir meer inligting.

– LYNN RIPPENAR

Ooreenkoms met Afrika Forum gesluit

CLAYTON SWART

Die Sekerheidsinstituut vir Staatsbestuur en Leierskap in Afrika (SIGLA) aan die Universiteit Stellenbosch (US) het 'n Memorandum van Verstandhouding saam met die Forum vir Voormalige Staats- en Regeringshoofde in Afrika, oftewel die Afrika Forum, onderteken.

“Dit skep die geleentheid vir ons om die ervaring en kennis van ons vasteland se afgetrede staatslui tot voordeel van die volgende generasie te ontgin deur ons Program vir Opkomende Leiers,” sê me Siphokazi Ndudane, Direkteur van SIGLA.

Die insluiting van Suid-Afrika in die BRICS-ekonomiese groepering (Brasilië, Rusland, Indië, China en Suid-Afrika) het 'n hernude fokus op goeie staatsbestuur, vrede en sekuriteit in Afrika teweeggebring.

“SIGLA is besonder relevant vir wat die vasteland nou nodig het.

Dit kan 'n positiewe rol speel as 'n dinkskrum waar kennishulpbronne geskep en vanwaar geïntegreerde sekerheidsteorie vir die vasteland versprei kan word,” sê Ndudane.

SIGLA maak deel uit van die US se HOOP Projek. Twee van die temas van die projek is die bevordering van vrede en sekuriteit en die bevordering van demokrasie en menseregte. Dit is gebaseer by die Universiteit se Nagraadse Bestuurskool (USB), maar het ook sterk bande met die Fakulteit Krygskunde en die Skool vir Publieke Leierskap.

“Ek het in die verlede met etlike US-navorsers saamgewerk, en ek weet dus dat hierdie akademiese instelling oor uitsonderlike begaafde mense beskik. Die verskeidenheid van kundigheid aan die Universiteit is opwindend,” sê Ndudane.

Sy het verlede jaar die leisels oorgeneem by lt-genl Louis Matshwenyego Fisher, 'n voormalige



Me Siphokazi Ndudane, Direkteur van SIGLA, middel, saam met Prof Russel Botman, Rektor en Visekanselier van die US, links, en Dr John A Tesha, Uitvoerende Sekretaris van die Afrika Forum.

Foto: CLAYTON SWART

hoof van die Botswana Weermag, wat as interimdirekteur ingestaan het. Voór haar aanstelling was sy aan die hoof van die eenheid vir internasionale wetenskapskakeling van die Nasionale Navorsingstigting.

Ndudane het ook nou bande met van die vernaamste liggamme op die vasteland,

soos die Suider-Afrikaanse Ontwikkelingsgemeenskap, die Afrika- ministeriële komitee oor wetenskap en tegnologie en die Afrika Unie (AU).

Ndudane sê sy sal klem lê op die strategiese plasing van SIGLA deur vennootskappe in die openbare- en privaatsektor, sowel as die

ontwikkeling van navorsings- en opleidingsprogramme met betrekking tot sekuriteit, staatsbestuur en leierskap in Afrika. In November 2011 het SIGLA sy eerste kollokwium oor staatsbestuur, vrede en sekuriteit in Afrika aangebied.

Steun HOOP: www.diehooprojek.co.za/sigla

Vigs en die kletsrevolusie



Die vigsvoorkomingsrevolusie sal gedigitaliseer word – te oordeel aan die toenemende gewildheid van sosiale media en selfone, skryf Jan du Toit.

Sosiale media soos Facebook, Twitter en MXit hét nie net almal aan die praat nie; dit is hóé almal praat.

Dit het baie mense se hoofkommunikasie-middel geword en help hulle om met familie en vriende in aanraking te bly, menings uit te spreek en uit ander se ervarings te leer.

‘Afrika het 333 miljoen selfoongebruikers en 77 miljoen internet-gebruikers.’

Danksy sosiale media versprei nuus binne sekondes oor die wêreld heen. Soos selfone, het dit 'n noodsaaklike deel van die daaglikse lewe geword.

'n Mens dink dalk Noord-Amerika, Europa en die Verre Ooste is die leiers in dié tegnologieë,



Anton Jordaan

maar dit is veral in Afrika wat die gebruik van sosiale media vinnig toeneem. Volgens die Internasionale Telekomunikasië-unie is daar 333 miljoen selfoongebruikers en

77 miljoen internetgebruikers op die vasteland.

In Nigerië alleen het 44 miljoen mense toegang tot die internet, meestal deur hul selfone. Die vier

miljoen inwoners van Nairobi, Kenia, stuur meer SMS'e per dag as New York se 18 miljoen mense. In Suid-Afrika is vyf miljoen mense aanlyn, en gebruik 60% van hulle Facebook.

“Die vinnigste groei in sosiale media is dié in Afrika,” het Bill Roedy, Uitvoerende Direkteur: MTV, in 2011 by 'n konferensie van die Verenigde Nasies-program oor MIV/vigs (UNAIDS) wat deur die Universiteit Stellenbosch (US) se Afrika-sentrum vir MIV/vigs-bestuur aangebied is, gesê.

MIV/vigs-syfers in Afrika skiet egter óók die hoogte in. In 2010 het na raming 22,9 miljoen mense MIV gehad, op van 22,5 miljoen in 2009. Na raming is 17% van diegene tussen 15 en 49 MIV-positief. Voorkoming deur opvoeding het 'n prioriteit geword.

Sosiale media en selfone is geskikte kommunikasie-middele vir hierdie teikengroep. Die meeste gebruikers van sosiale media is jongmense – juis die groep wat boodskappe oor voorkoming moet ontvang. Wêreldwyd weet slegs een uit drie jongmense na raming presies hoe MIV oorgedra word.

Tog moet jongmense nie onderskat word nie. Hulle weet waarskynlik meer as wat die meeste mense dink. Hulle bespreek én reageer op wat in die sosiale media gebeur, en dit is juis hierdie soort gespreksvoering wat noodsaaklik is om 'n MIV-

3 000

Mense opgelei in MIV/vigsbestuur sedert 2003

Bron: Afrika-sentrum vir MIV/vigsbestuur

Groot impak

- Die Afrika-sentrum vir MIV/vigs-bestuur bied omvattende akademiese opleiding aan, waaronder 'n nagraadse diploma en 'n MPhil in MIV/vigsbestuur.
- Deur sy gegradueerdes het die Sentrum na raming reeds 12 miljoen mense met die voorkomingsboodskap bereik.

voorkomingsrevolusie te ontketen.

Om te weet waarop ons ons moet toespits, is een ding; om met jongmense te praat, is 'n ander saak. Vaal en vervelige taal is uit. Ons kommunikasiestyl sal bepaal moet word deur hoe jongmense op sosiale netwerke met mekaar omgaan.

Kom ons laat die sosiale media gons oor MIV/vigs-voorkoming.

- Prof Jan du Toit is die direkteur van die Afrika-sentrum vir MIV/vigs-bestuur, 'n inisiatief van die HOOP Projek.

Steun HOOP: www.diehoopprojek.co.za/vigssentrum

Landelike Kliniese Skool lewer eerste dokters op

MANDI BARNARD

Die eerste mediese dokters in Suid-Afrika wat hul volle sesdejaarkliniese opleiding in landelike gebiede voltooi het, het verlede jaar aan die Universiteit Stellenbosch (US) afgestudeer. Dié agt Maties was ingeskakel by die Fakulteit Gesondheidswetenskappe (FGW) se Ukwanda-sentrum vir Landelike Gesondheid in die Boland en Overberg.

‘Studente kan nêrens beter blootstelling aan primêre gesondheidsorg kry as by Ukwanda nie.’

Ukwanda word tans onder die vaandel van die Universiteit se HOOP Projek uitgebrei deur die vestiging van 'n volwaardige Landelike Kliniese Skool (LKS), in samewerking met die Wes-Kaapse Provinsiale Regering. Die spil is in Worcester geleë, en die speke in Ceres, Robertson, Caledon,

Hermanus en Swellendam.

Die Ukwanda LKS is die eerste inisiatief van sy soort in die land. Dit is in lyn met internasionale tendense wat daarop dui dat voorgaande landelike opleiding help met die werwing van studente uit landelike gebiede en die vestiging van gegradueerdes op die platteland.

Dr Owen Wiese, wat deel was van die Worcester-groep, sê: “Studente kan nêrens beter blootstelling aan primêre gesondheidsorg kry as by Ukwanda nie”. Hy sê: “Ons opleiding stel ons in staat om as dokters ons pasiënte te behandel in die konteks waarin hulle leef. Ek voel ten volle toegerus om in enige hospitaal in die land te gaan werk.”

Dr Therese Fish, die FGW se Visedekaan vir Gemeenskapsdiens en -interaksie, wys uit dat mense in landelike gemeenskappe se gesondheid dikwels swakker is as dié van mense in stede. Daar is verskillende redes hiervoor, maar armoede is 'n belangrike faktor. Dikwels is daar gewoon nie genoeg fasiliteite, dienste en personeel vir doeltreffende gesondheidsorg op die platteland nie. Ukwanda dien as teenvoeter hiervoor: “Ons studente doen noodsaaklike landelike ervaring op, en die gesondheidsorg wat landelike gemeenskappe ontvang, sal in die lange duur verbeter.”

Dr Elsabe Smit, wat haar opleiding op Ceres voltooi het, sê haar ervaring was “ongelooflik”, en sy

“is nie 'n oomblik spyt nie”. “Dit was 'n uitstekende werkomgewing en die persoonlike verhoudings wat 'n mens met jou mentor en die personeel opbou, is uniek.”

Dr Frans Krige, Projekbestuurder van die Ukwanda LKS, sê 'n tweede

groep van 21 MB,ChB-studente het vir 2012 plasing aanvaar. Worcester kry 17 van hulle, en Robertson en Swellendam twee elk.

Die eerste sewe finalejaar-mediese studente het reeds in Maart in die nuwe Ukwanda-koshuis

op Worcester ingetrek. Die res van die LKS se geboue sal na verwagting teen Junie 2012 voltooi wees.

- Sien storie op bl 2.

Steun HOOP: www.diehoopprojek.co.za/ukwanda



Die eerste LKS-graduandi, agter van links: drr Mikhail Barday, Owen Wiese, Calvino Watt, Johan Gebhardt en Louwallen Volmink. Voor is drr Nicholas Fortuin en Elsabe Smit, prof Hoffie Conradie van Ukwanda en dr Montenique Jeffries.

Foto: ANTON JORDAAN

Mense is mense is mense



As ons die diskoers oor gestremdheid wil verander, moet ons van stereotipes afstand doen, skryf **Juliana Claassens**.



Prof Juliana Claassens.

Foto: JAC DE VILLIERS

Onder die grootste uitdagings waarvoor mense met gestremdhede te staan kom, is straks die stereotipes en wanopvattinge oor gestremdheid wat ons samelewing deurdring.

Een van die skadelikste stereotipes is die uitbeelding van gestremdheid aan die hand van monsters of straf. Die boodskap van Victor Hugo se *The Hunchback of Notre Dame* of Mary Shelley se *Frankenstein* is dat mense met gestremdhede die uitskot van die samelewing is – nie ten volle mens nie.

Die Bybel is ook nie altyd van groot hulp in dié verband nie. Godsdienste het al heelwat bygedra tot die versterking van negatiewe stereotipes. In Levitikus 21:16-23, byvoorbeeld, word heelparty van die toestande wat vandag as “gestremd” geklassifiseer kan word, met die Hebreeuse woord vir “klad” of “ontsiening” beskryf. Diegene wat aan een of ander kwaal of gestremdheid gely het, kon nie offers bring of tot die priesterlike klas behoort nie.

Die ontstellendste is die manier waarop gestremdheid as ‘n vloek gebruik word. In Deuteronomium 28:28-29 staan daar dat God oortreders met “kranksinnigheid” en “waansin” sal tref sodat hulle soos blinde persone sal rondtas.

Tydens ‘n konferensie oor teologie, gestremdheid en menswaardigheid wat in 2011 by die Universiteit Stellenbosch (US) aangebied is, is hierdie stereotipes bevraagteken. Die konferensie was ‘n verlengstuk

van die Fakulteit Teologie se Fokus op die Bevordering van Menswaardigheid, ‘n inisiatief van die US se HOOP Projek. Die Fakulteit Gesondheidswetenskappe was die medegasheer.

Afgevaardigdes het beraadslaag oor hoe daar nuut gepraat kan word oor God en mense wat na die beeld van God geskep is. ‘n Besonder aangrypende oomblik was toe me Rachel Kachaje, ‘n adjunkvoorsitter van DPI (Disabled Peoples’ International), met trots verklaar het dat sy, in haar rolstoel, die glorie van God weerspieël.

Om verby die gestremdheid te kyk en werklik die ander een se gesig raak te sien, is wat mense verander.

Dit het my herinner aan die verhaal in Johannes 9 waar ‘n mens ‘n radikale wending sien in hoe die Bybel oor gestremdheid praat. Toe die mense Jesus vra of die blinde man so gebore is vanweë sy sondes, antwoord Jesus dat dit nie deur sy eie of sy ouers se sondes is nie, maar vir die glorie van God.

Die boodskap wat telkens by die konferensie opgeklink het, was: “Moenie my as onbeholpe of ‘n monster beskou nie, maar dink aan my as ‘n mens wat tot die samelewing kan bydra.” Deur op die persoon se vermoëns en bydraes tot die samelewing te konsentreer, kan ons dus anders begin dink oor mense met gestremdhede.

Om verby die gestremdheid te kyk en waarlik die ander een se gesig raak te sien, is wat mense verander. Wanneer blinde, dowe en liggaamlik of verstandelik gestremde mense eerstens as *mense* beskou word wat *toevallig* ook blind, doof en liggaamlik of verstandelik gestremd is, verander die wêreld ten goede.

• Prof Juliana Claassens staan aan die hoof van die Fakulteit Teologie se HOOP Projek-inisiatief, genaamd Fokus op die Bevordering van Menswaardigheid.

Steun HOOP: www.diehoopprojek.co.za/menswaardigheid

Fokus op die Bevordering van Menswaardigheid

- Konferensie oor Gestremdheid en Menswaardigheid (18-20 Mei 2011).
- Werkswinkel oor Geslagsgelykheid in Afrika en kerke se rol om dit te bevorder (1-3 Augustus 2011).
- Publikasie van *Sacred Selves: Essays on Gender, Religion and Popular Culture*, ‘n boek van die Circle of Concerned African Women Theologians (April 2012).
- Konferensie oor “The Reformed Churches in South Africa and the struggle for justice: Remembering 1960-1990” (14-16 Mei 2012).
- Twee simposia (een in Amsterdam en een op Stellenbosch) oor kulturele verskeidenheid en menswaardigheid word vir 2012 beplan.



Emeritus-aartsbiskop Desmond Tutu saam met dokters wat aan die 2012 Cape Argus Pick n Pay Fietstoer deelgeneem het om bewusmaking teen TB te doen, van links, Nulda Beyers, Jamie Scriven en Kirsten Black.

Foto: KIM CLOETE

TB se moses



Emeritus-aartsbiskop Desmond Tutu werp alles in die stryd teen tuberkulose, skryf **Kim Cloete**.

As beskermheer van die Desmond Tutu TB-sentrum by die Universiteit Stellenbosch (US), is emeritus-aartsbiskop Desmond Tutu passievol daarvoor om mense van tuberkulose (TB) bewus te maak.

Sy vurige toewyding en erns in die strewe na ‘n middel teen TB en beter behandeling vir diegene met dié siekte kan teruggevoer word tot sy tienertyd in Sophiatown, Johannesburg.

As 15-jarige moes sy drome om hom in sy studies op skool te verdiep eers wag toe hy met TB gediagnoseer is en in die hospitaal beland het. Die jong Tutu het besef hy is ernstig siek.

“Ek het begin bloed hoes en het in die saal gesien dat bykans almal wat daardie simptome getoon het, uiteindelik daar uitgedra is lykshuis toe,” sê hy.

Tutu sê sy twee-jaar lange verblyf in die hospitaal het hom oortuig dat hy ‘n dokter wou word. “Ek het gedink ek sou navorsing doen om ‘n middel teen TB te kry.”

Tutu se lewenspad sou egter ‘n ander rigting ingeslaan – na die bediening – en vandag is hy een van Suid-Afrika se mees geliefde en geëerde burgers.

Hy neem sy rol as beskermheer

van die Sentrum baie ernstig op en is altyd bereid om méér te doen as wat van hom verwag word om die stigma wat aan tuberkulose kleef, te probeer bestry.

Hy bepleit gereeld sorgsame en menswaardige behandeling vir TB-pasiënte en beklemtoon die dringende behoefte aan metodes om TB te verminder.

“TB is geneeslik – en daarom vra ons mense: Beywer julle vir groter ekonomiese geregtigheid en gelykheid, help roei armoede uit. Ek hoop dat, indien ons almal saamwerk, ek in my leeftyd nog ‘n noemenswaardige vermindering in TB sal sien.”

‘Ek hoop dat ek in my leeftyd nog ‘n noemenswaardige vermindering in TB sal sien.’

“Almal wat by die Sentrum werk, is ontsaglik dankbaar teenoor aartsbiskop Tutu vir sy betrokkenheid en ondersteuning, én vir sy bydrae as ‘n ongelooflike rolmodel,” sê prof Nulda Beyers,

Groot impak:

- Die Desmond Tutu TB-sentrum het onlangs die grootste verewekansigde gemeenskapsproef tot dusver vir die vermindering van TB en MIV afgehandel onder sowat 1,2 miljoen mense in die Wes-Kaap en Zambië.
- Meer as 50 000 skoolkinders oor die hele land het al meer van TB geleer deur die vindingryke en prettige Kick TB-bewusmakingsveldtog.

Direkteur van die Sentrum.

Die Sentrum maak deel uit van die US se HOOP Projek. Dit het al wyd erkenning ontvang vir baanbrekersnavorsing oor kindertuberkulose, en doen die mees gevorderde navorsing ter wêreld oor veelmiddelweerstandige TB (oftewel MDR-TB) by kinders.

Prof Beyers sê die Sentrum se navorsing is daarop uit om ‘n generasie kinders sonder TB-infeksie moontlik te maak. Hulle werk ten nouste saam met die gemeenskap en ondersteun mense in armoedegeteisterde gebiede. Sodoende laat die US sy wetenskaplike voetspoor agter.

Steun HOOP: www.sun.ac.za/tb



Mnr Isak Botha wil sy eie tuisnywerheid begin. Die MGD-kookkursus help hom om sy droom te verwesenlik. Foto: JUSTIN ALBERTS

'n Tweede kans

ILSE ARENDSE

"'n Mens het strukture nodig wat jou leiding kan gee as jy uit die gevangenis kom, en dit is wat Matie Gemeenskapsdiens (MGD) vir my doen."

So sê mnr Isak Botha van Idasvallei, wat sedert 2010 geletterdheids- en vaardigheidsontwikkelingsklasse by MGD bywoon.

"As jy daaraan gewoond was om dinge op 'n oneerlike manier te bekom, is dit 'n groot aanpassing om eerlik te leef. MGD gee my leiding in my strewe na 'n beter toekoms."

MGD is 'n vlagskipprojek van die Universiteit Stellenbosch se Afdeling Gemeenskapsinteraksie. Sedert Oktober 2011 sit MGD sy werk voort onder die vaandel van die HOOP Projek – met sy nuwe hoof, mnr Gareth Cornelissen, aan die stuur.

Botha, 41, vertel dat hy nooit die geleentheid gehad het om sy potensiaal te bereik nie. Sy huislike omstandighede was van so 'n aard dat dit hom tot die strate gedryf het. Hy was een van vier kinders en sy ma was 'n enkelouer wat drank misbruik het.

Hy het hom tot misdaad gewend, en was 10 jaar lank in en uit die tronk. Toe hy in 2005 die laaste keer

vrygelaat is, het hy sy lewe begin verander.

"Ek het besef mens het 'n kwalifikasie nodig, en dit is hoekom ek by MGD gaan aanklop het."

Hy doen tans matriek. Van die vakke wat hy al voltooi het, is Afrikaans, Lewensorientering, Gesondheidsorg, Wiskunde, en Reis en Toerisme – meestal met 'n punt van tussen 60% en 69%.

Botha het 'n voorliefde vir kos maak. Sy droom is om eendag sy eie tuisnywerheid te hê. Daarom het hy ingeskryf vir MGD se Kookkursus. Deel van die opleiding sluit sakevaardighede in. Hy was een van die beste bakkers in die 10-week lange kursus, en hy het reeds talle tevrede kliënte.

Botha dien as rolmodel vir jonk en oud by MGD en ook in die breër gemeenskap.

"Om jouself te bemagtig, moet jy self iets doen," sê hy.

"Jy moet 'n visie hê van waar jy wil opeindig, en as jy die kans kry om jouself te verbeter, moet jy dit aangryp."

Cornelissen sê: "Dit is vir my baie sinvol dat ons fokus op geleenthede wat mense in staat stel om 'n ekonomiese bydrae in die land te lewer."

Steun HOOP: www.diehooprojek.co.za/mgd

Gesonde liggaam, gesonde gees

STEPHANIE NIEUWOUT

Mnr Litha Bhebheza (19) se betrokkenheid by jeugprogramme het al meer as een keer vir hom geleentheid geskep.

"Ek kom uit 'n gebied waar die dwelm tik 'n probleem is en waar die meeste ouers swaar drink. Dinge is maar moeilik. Die enigste manier om werklik 'n verskil te maak is om deur jou voorbeeld te lei."

Hy weet waarvan hy praat: As tiener het hy self begin drink.

"Gelukkig het een van my onderwysers gesien wat in my steek en my vir 'n kamp ingeskryf waar ek allerhande lewensvaardighede aangeleer het. Dit het my geleer om myself én ander te respekteer."

Dié jong man wat eens geen visie vir die toekoms gehad het nie, het weldra hoofseun van sy hoërskool geword. Ná skool het hy by die Jeugsportinisiatief (JSI) van die Universiteit Stellenbosch (US) begin hand bysit.

40%

Die verbetering in skool- bywoning van deelnemers aan JSI se Naskoolse Program wat verwant is aan die Uitreikprogram.

Bron: Jeugsportinisiatief

Die JSI het twee bene. In die Naskoolse Program leer kinders van die Stellenbosch-omgewing twee maal per week meer oor sport asook syfer- en lewensvaardighede. En in die Uitreikprogram word kinders van plase en nedersettings in die omliggende gebiede een maal per week ingebring vir sokkeroefening by die Weber Gedenk-laerskool in Jamestown.

"Ons het nie juis baie tyd nie, want ons sien die kinders maar 'n uur op 'n slag, maar ons sluit lewensvaardighede by al ons aktiwiteite in," sê programbestuurder mnr David Kappel.

Bhebheza se werk met jonger



Mnr Litha Bhebheza by 'n leerder wat deelneem aan die Uitreikprogram van die Jeugsportinisiatief. Foto: STEFAN ELS

kinders het die JSI-koördineerders so beïndruk dat hulle hom nou 'n voltydse werk aangebied het.

Die JSI, wat deur die US se Sportprestasië-instituut (SUSPI) bestuur word, ontgin die krag van sport vir onderrig en ontwikkeling. Dit maak deel uit van die US se HOOP Projek, en word in vennootskap met die Duitse nieregeringsorganisasie Stars of Tomorrow aangebied.

By Weber Gedenk hardloop die negejarige Tanaka energiek op die sportveld rond.

"Ek kyk hoe die groter kinders ons help, en ek wil ook ander kinders help as ek ouer is," sê sy.

"Die projek leer my om sokker en netbal te speel. En ek leer om vir almal rondom my om te gee."

Mnr Terence Moses, adjunkhoof van Weber Gedenk, sê die projek help om dosyne kinders van die strate af te hou.

Die skool is een van 18 in die Kaapse Wynland-distrik wat aan die JSI deelneem.

Steun HOOP: www.diehooprojek.co.za/jeugsport

Die waarde van leierskap

Navolgenswaardige voorbeeld

- Dr Frederik Van Zyl Slabbert (1940–2010) was 'n sosioloog, politikus en sakeman.
- Hy was 'n student en dosent aan die US, en later Kanselier.
- Hy het sy lewe aan die bevordering van demokrasie en nie-rassigheid gewy.



Frederik Van Zyl Slabbert was vroeg reeds 'n sterk leier. Hy is aan die einde van sy tweede jaar tot primarius van Wilgenhof-koshuis verkies.

Die US wil 'n nuwe geslag jongmense deur middel van die Frederik Van Zyl Slabbert Instituut vir Studenteleierskapsontwikkeling vir die toekoms bemagtig. **Stephanie Nieuwoudt** doen verslag.

Deelname aan aktiwiteite van die Frederik Van Zyl Slabbert Instituut vir Studenteleierskapsontwikkeling stel jongmense nie net in staat om 'n bydrae tot die samelewing te lewer nie, maar gee hulle ook 'n voorsprong in die werksplek.

Só meen betrokkenes by die Instituut, wat in 2011 van stapel laat loop is. Meer as 3 500 studente, sowat 15% van die Universiteit Stellenbosch (US) se studenteliggaaam, het reeds by die FVZS Instituut ingeskakel.

"Ons lei jongmense op in leiers-, kommunikasie-, konseptuele en bestuursvaardighede. Dis belangrike goed wat teruggeploeg word in

gemeenskappe," sê dr Leslie van Rooi, die hoof van die Instituut.

"By voltooiing van 'n kursus ontvang studente 'n sertifikaat. Dis amptelike erkenning deur 'n gerekende hoëronderwysinstelling. Dit dra groot gewig in die buitewêreld, en is tot voordeel van studente wanneer hulle aansoek doen vir werk."

Een van die studente wat by die Instituut betrokke is, is me Danene Wiggill, 'n voormalige HK-lid van die vrouekoshuis Erica. Sy het die FVZS Instituut se kortkursus in leierskap en gemeenskapsinteraksie gedoen.

"Ek het besef dat 'n mens 'n kritiese burger van die land moet



Danene Wiggill, regs, saam met Laurelle Fernandez van Cloeteville. Foto: CLARISA LAITHNA

wees, maar dat jy nie net kan agteroor sit en verwag dat die regering alles moet doen nie. Jy moet self inspring en dinge laat gebeur."

As honneursstudent was sy verlede jaar by die koshuise Erica en Nemesia se "Big Sister"-projek

by 'n hoërskool in Cloeteville betrokke. Die meisies van die skool word lewensvaardighede geleer deur studente.

Die meisies het self besluit om op hul beurt terug te ploeg in die gemeenskap deur kinders van plaaswerkers op die Middelvlei-wynlandgoed te help met lees- en leervaardighede.

"Dis 'n voorbeeld van 'n gemeenskap wat verantwoordelikeheid neem om self in te spring en dinge te laat gebeur," sê Danene.

Die Instituut se kortkursus in leierskap en gemeenskapsinteraksie dek kwessies soos sosiale verantwoordelikeheid en burgerskap. Studenteleiers word ook geleer hoe om projekte aanmekeer te sit, vrywilligers te organiseer en begrotings uit te werk.

Die FVZS Instituut is die eerste van sy soort in die hoër onderwys in Suid-Afrika. Dit is 'n inisiatief van die HOOP Projek.

Steun HOOP: www.diehooprojek.co.za/fvzs

‘Maties vir ewig’ meer as net ’n slagspreuk

Alumnideelname is een van die hoekstene van die voortgesette sukses van enige universiteit, berig **Liezl Scholtz**.

Die gesegde, “Een maal ’n Matie, altyd ’n Matie” is ’n besonder raak beskrywing van die oudstudente van die Fakulteit Ingenieurswese.

Sedert die bekendstelling van die Fakulteit se Dekaaansfonds, het Ingenieurswese R200 000 by alumni ingesamel, met ’n verdere belofde R300 000 aan die kom. Die tweede van die Fakulteit se jaarlikse reünies het in September verlede jaar by Montecasino plaasgevind.

“Die gebrek aan ingenieursvaardighede in Suid-Afrika en die res van Afrika is ’n beduidende uitdaging. Om in hierdie behoefte te voorsien het ons ’n Dekaaansfonds op die been gebring om wêreldklas-ingenieurs in diens te neem in ’n inspirerende akademiese omgewing wat die beste studentetalent sal lok,” sê prof Arnold Schoonwinkel, Dekaan van die Fakulteit.

“Ons wil ook graag finansiële steun bied aan verdienstelike dog behoeftige ingenieurstudente. En ons wil die Fakulteit se uitnemendheid handhaaf deur ’n uitmuntende leeromgewing te skep, met moderne lesingsale en goed toegeruste laboratoria.”

Volgens me Bev Witten, Direkteur: Alumniverhoudinge, is alumnideelname een van die hoekstene van enige universiteit se voortgesette sukses.

“Dekaansfondse fasiliteer gereelde skenking deur diegene wat graag tot hul fakulteit se voortgesette sukses wil bydra. Boonop stel dit die fakulteitsbestuur in staat om met professionele alumni te skakel.”

Mev Louise Enslin, Jaarfondsebeampte van die US, beklemtoon die belang en impak van alumnisteun.

“Ongeag hoe groot of klein, jou skenking kan ’n verskil maak. Dit kan ’n handboek of rekenaar koop, ’n beurs vir ’n begaafde student voorsien, ’n navorsingsleerstoel op ’n tersaaklike spesialiteitsgebied borg, of die beste toerusting help bekom.”

 **Steun HOOP:**
www.diehoopprojek.co.za



Wat is 'n Dekaaansfonds?

’n Dekaaansfonds is ’n fakulteitspesifieke fonds wat vir strategiese oogmerke aangewend kan word. Dit kan die versterking van navorsing, die uitbreiding van sleutel-inisiatiewe sowel as akademiese ontwikkeling insluit.

Verskeie US-fakulteite het reeds ’n dekaansfonds tot stand gebring, en ander is besig daarmee. Skakel gerus met Louise Enslin van die Alumnikantoor by enslin@sun.ac.za indien jy tot jou ou fakulteit se dekaansfonds wil bydra.



BO: ’n Foto van 1970 se finalejaarstudente in Elektrotegniese Ingenieurswese.
Foto: VERSKAF

LINKS: Die Dekaan van Ingenieurswese, prof Arnold Schoonwinkel, middel, met alumni van die Fakulteit, van links, dr David Johnson, mnr Jan Lategan, mnr Andrew Rossouw en mnr Roland van Rooyen, by ’n reünie in September 2011.

Foto: LIESEL KOCH

Kershouer-inisiatief vat vlam

MARTIN VILJOEN

’n Inisiatief om veilige kershouers aan kwesbare gemeenskappe beskikbaar te stel wat nou behoorlik vlam. ’n Kaapse onderneming het finansiële ondersteuning aan die inisiatief, die “Kers van HOOP”, toegesê.

Brande in gemeenskappe wat nie toegang tot elektrisiteit het nie en van kerslig afhanklik is, eis elke jaar etlike lewens.

Altesaam 200 van die houters is aan die gemeenskap van Macassar oorhandig met die bekendstelling in 2011.

“Dit is ’n goeie voorbeeld van hoe die US se HOOP Projek fokus op maniere waarop die wetenskap oplossings kan bied vir alledaagse probleme waarmee gemeenskappe worstel,” is hoe dr Jerome Slammat, Senior Direkteur:



Gemeenskapsinteraksie, die inisiatief beskryf het.

“Wanneer ’n kers omval, kom die vlam gewoonlik regstreeks in kontak met die gesmelte was en veroorsaak dit ’n brand wat vinnig versprei,” verduidelik prof Wikus van Niekerk, Direkteur van die Sentrum vir Hernubare en Volhoubare Energie Studies. Hy is die dryfveer van die inisiatief.

“Die veilige kershouer, wat gemaak is van draad, ondersteun die kers as dit omval sodat die vlam nie by die gesmelte was kan kom nie. Selfs al red ons net een mens se lewe met hierdie inisiatief, is dit die moeite werd.”

Die kershouer is die uitvindsel van mnr Conrad Stoffberg, ’n oud-leerder van die Paul Roos Gimnasium wat dit in graad 9 ontwerp het as sy inskrywing vir die jaarlikse Eskom Expo vir Jong Wetenskaplikes. In Stellenbosch word dié geleentheid deur die US se Instituut vir Wiskunde en Wetenskap Onderrig gereël, in samewerking met die Fakulteit Natuurwetenskappe.

Terugvoer uit die gemeenskap is dat die kershouers – die maak daarvan word ook as entrepreneurskapsprojek bedryf – toenemend gebruik word.

 **Steun HOOP:**
www.diehoopprojek.co.za

Sy bloed is maroen

ALEC BASSON

Baie jongmense sou wat wou gee om in Amerika te studeer, maar nie mnr Jason Biel (18) nie. Dié eerstejaarstudent van Mitchells Plain se bloed moet maroen wees, want hy het ’n studiegeleentheid van die sagtewaremaatskappy Microsoft van die hand gewys vir die kans om ’n Matie te word.

558

werwingsbeurse in 2012
toegeken

Bron: Voorgraadse Beurse en Lenings

Verlede jaar, in matriek aan die Oval North High School, het Microsoft sy potensiaal raakgesien en hom Amerika toe gevat. Daar het hy die Universiteit van Denver besoek, en is hy ’n beurs aangebied.

“Ek was beïndruk, maar ek is mal oor Elektriese en Elektroniese Ingenieurswese en die Universiteit Stellenbosch (US) is die beste op dié gebied,” verklaar hy onomwonde oor sy besluit.

“Dit is ook die eerste en enigste universiteit in Afrika wat ’n satelliet in ’n wentelbaan om die aarde geplaas het.”

Die US se eerste mikrosatelliet, Sunsat, is in 1999 gelanseer, gevolg

deur SumbandilaSat in 2009.

Biel het lankal sy oog op Maties gehad. Hy is een van die uitblinkers wat in die *Maties on the Plain*-tutorprogram opgeneem is. Met dié inisiatief van die Sentrum vir Leierskap en Bestuur in die Onderwys (SELEBOUS) en die Sentrum vir Voornemende Studente ontvang belowende graad 12-leerders Saterdag ekstra klasse in vakke wat verband hou met die beroepe wat hulle eendag wil volg.

In September verlede jaar het hy en nog 13 leerlinge van nege skole in Mitchells Plain studiebeurse ter waarde van R32 000 elk van die US ontvang. Biel sê dit het die deurslag gegee.

“Ek sou daarsonder nie eens die registrasiefooi kon bekostig nie. Die beurs het my aangespoor om nog harder te werk.” Hy doen tot dusver goed op universiteit, en beoog ’n loopbaan in telekommunikasie en informatika.

Dr Trevor van Louw, Direkteur van SELEBOUS, sê “die US skep met beurse en met programme soos *Maties on the Plain* hoop in die lewens van toegewyde studente wat andersins nie die geleentheid sou gehad het om hul potensiaal te verwesenlik nie”.

Volgens mnr Arrie Hanekom, Hoof: Voorgraadse Beurse en Lenings, het die US vanjaar die volgende bedrae aan beurse

toegewys:

- R14,1-m vir merietebeurse.
- R19-m ter ondersteuning van behoeftige studente.
- R40,4-m vir die werwing van (generies) swart studente.

“Studente wat behoeftig is, kan gerus by die Kliëntedienssentrum navraag doen. Bel 021 808 9111 of stuur e-pos na info@sun.ac.za. Daar is hulp beskikbaar.”

Me Annamia van den Heever, Direkteur: Ontwikkeling en Alumniverhoudings, sê baie van die skenkings wat die US van stigtings, maatskappye en individue ontvang, is vir beurse.

 **Steun HOOP:**
www.diehoopprojek.co.za



Mnr Jason Biel voor sy koshuis by die Universiteit Stellenbosch, Helderberg.
Foto: ANTON JORDAAN

Die man met die plan

Aan die begin van sy tweede termyn deel prof H Russel Botman, rektor en visekanselier van die US, sy insigte oor die paadjie wat die Universiteit tot dusver geloop het en die uitdagings wat nog voorlê met *HOOP NUUS*-lesers.

Wat is dit wat die Universiteit Stellenbosch tans vier?

Ons vier die diepte van die akademiese transformasie van die Universiteit, in die sin dat ons almal uitgelig is uit ons ivoortoring-wêreld. Die US was nog altyd 'n plek van uitnemendheid, maar nou is ons suksesse na buite uitgedraai en in diens gestel van die gemeenskap.

Die HOOP Projek het die regte investering gedoen in die akademie in die breë – navorsing, leer en onderrig, en gemeenskapsinteraksie

– om die groot en ernstige uitdagings van ons land en vasteland en wêreld aan te durf.

Ons vier ook die grootste enkele fondsinsamelingsveldtog in die hoërondewys op ons vasteland. Daarmee saam vier ons die ontsluiting van filantropie – nie net onder ons alumni nie, maar ook onder stigtings, maatskappye en individue. Hulle het die universiteit ondersteun in die uitvoering van

die HOOP Projek en sy verskillende inisiatiewe.

Ons vier ook die suksesvolle aflewering van 'n beduidende aantal studente – voorgraadse studente, maar veral meesters- en doktorsgraadstudente. Hierdie groei sou nie kon plaasvind sonder die HOOP Projek se klem op die ontwikkelingsagenda van die wêreld nie, en ook nie sonder die investering van vele nie.

Wat was van die hoogtepunte tot dusver?

Deur die HOOP Projek het die Universiteit gelykertyd in al drie sy kernaktiwiteite belê. Dit was nie net 'n belegging in navorsing nie. Daar het ook goed in die klaskamer gebeur wat die denke en aktiwiteite daar vernuwe het. En dit het ons personeel en studente aan ander mense in die gemeenskap gekoppel.

Met ander woorde, die HOOP Projek is die gety wat al die bote laat styg.

Aan die begin van my eerste termyn in 2007 het Stellenbosch reeds gevestig gestaan as een van die beste universiteite op die vasteland. Ek begin my tweede termyn in die wete dat ons intussen 'n paar ander instellings verbygesteek het, en nou die tweede plek beklee – op drie rangordes van die top universiteite ter wêreld:

die QS en Times Higher Education World University Rankings, en die Leiden Ranking.

Ek het destyds gesê ons moet van sukses na beduidende sukses beweeg, en ek dink ons het dit reggekry – binne 'n baie kort tydjie. Wat ek ook gesê het, is dat ons daarna moet streef om die Universiteit se beduidendheid meer omvattend te maak – verbonde aan die toekoms van al die mense van ons land en vasteland.

Dit het ons gedoen deurdat die vyf temas van die HOOP Projek, wat afgelei is uit internasionale en nasionale ontwikkelingsagendas, al drie kernaktiwiteite van die Universiteit rig. En ons kan trots voel op die resultate wat behaal is.

Elke keer wat 'n moeder êrens in Afrika haar kinders drinkwater

gaan gee wat met die Universiteit Stellenbosch Waterinstituut se “teesakkie”-waterfiltertjie gesuiwer is, gaan ons hoop aan die werk sien.

Elke keer wat 'n enigemand ter wêreld oor die internet uitreik na ons biblioteek en ooptoegang kry tot die voorste navorsingsbronne, werk hoop vir hulle.

Elke keer wat swart studente uit arm omgewings trots die beroepswêreld betree as Stellenbosch-alumni, is dit hoop wat werk. Elke keer as die mense op 'n plattelandse dorp soos Worcester na die Ukwanda-kliniek gaan vir behandeling, sien ons hoop aan die werk.

Ons uitdaging nou gaan wees om hoop volhoubaar te maak. Die fondament is gelê; nou moet die mure staangemaak word.

Wat het die knoop deurgehak vir die HOOP Projek?

Agter die skerms het ons hard gewerk om die akademiese gemeenskap en steundienste in een, kragtige ontwikkelingsenjin byeen te bring. Ons het 'n baie sterk en professionele span in ons Afdeling Institusionele Bevordering, wat Ontwikkeling, Alumni en Kommunikasie en Skakeling insluit.

Uit ondervinding weet ons nou universiteitsontwikkeling is 'n spanpoging. Ons vier dus ook suksesvolle spanwerk – 'n span akademië; 'n span bestuurders, waaronder uitvoerende dekane, sowel as 'n span mense in die steundienste.

Ek kyk terug oor hierdie vyf

jaar en sien die eenheid wat ons bewerkstellig het – hoe ons ons sterkpunte kon saamvoeg, die beste intellekte en idees bymekaar kon uitbring, en 'n program en projek by die Universiteit kon *innoveer* wat 'n impak sal hê veel verder as die grense van die pragtige berge waartussen die US lê.

Wat lê nou voor vir die US?

Die eerste fase van die HOOP Projek, die deel wat ons nou afrond, het saamgeval met my eerste termyn as rektor en visekanselier. Die volgende fase hang saam met my tweede termyn en die uitdagings wat ons nou in die gesig staar.

Die uitdagings van 'n 21ste eeuse universiteit sal nou skerper in fokus kom. Die grootste hiervan is die uitdaging van volhoubaarheid.

In die 21ste eeu is daar wêreldwyd dringend pogings nodig om die skade wat in die 20ste eeu aangerig is, reg te stel. Energiebesparing, watersekerheid en klimaatsverandering sal aandag moet kry van ons beste akademië en navorsers.

Dit sal ook neerslag moet vind

in die verdere ontwikkeling van die Universiteit. Ons geboue sal aangepas moet word om meer volhoubaar te word. Nuwe, volhoubare 21ste eeuse geboue sal moet verrys op ons kampusse. Ons koolstofvoetspoor sal kleiner moet word. Die aantal motors sal moet verminder; meer mense sal te voet en op fietse rondbeweeg.

Hiervoor sal ons baie sterk vennootskappe soek met die dorp en land en wêreld se maatskappye wat volhoubaarheid deel van hul eie waardes en karakter gemaak het, deel van hul handelsmerk. Volhoubaarheid sal ons handelsmerk word, en met ander wat hierdie handelsmerk het, sal ons sterker bande smee.

Dit gaan egter nie net oor navorsing wat klimaatsverandering moet teenwerk nie; dit gaan nie net oor geboue nie; dit gaan ook oor die vestiging van 'n sekere soort kritiese denke by ons studente – 'n bepaalde soort ingesteldheid wat die waardes van 'n volhoubare mensdom vergestalt. Ons wil hê 'n Matie moet 'n groen Matie wees. Groen word die nuwe maroen.

Kortom, dit gaan oor denke en fasiliteite en mense vir 'n heel nuwe tyd – leiers en geriewe en maatskaplike entrepreneurs vir 'n heel nuwe tydperk. In die 21ste eeu moet uitnemendheid die aard van volhoubaarheid hê. Só laat ons hoop werk vir ons land en vasteland; só laat ons hoop werk vir die volgende geslag.



Prof H Russel Botman.

Foto: WERNER ROUX

US Strategiese Doelwitte 2012 – 2016

- Kundigheidsbasis
- Diversiteit
- Studentesukses
- Sistemiese volhoubaarheid

Bron: US Institusionele Plan 2012 – 2016